# *En Weet Dit Nie*

Dankie, Broer Neville. Die Here seën jou. Ek het in iets beland, het ek nie? Ek wil die Here baie dankie sê om vir Broer Capps se seun te onderneem. Dit het net so gebeur dat hierdie die tydjie is wat ek terugkom na Indiana. Ek weet dat hulle nie hierdie opneem nie, ek neem aan hulle doen dit nie. En so dan sien ek niemand daarbinne nie, so hulle. . . Ek kom terug om te gaan eekhorinkie jag. En so ek dink Charlie sal maar moet uithou met my, hy en Nellie, en hulle onder in Kentucky, nou vir ’n dag of twee, om eekhorinkie te jag. So, ek sal liewer enigiets misloop, enige ander soort ontspanning as om hiernatoe te kom op. . . omtrent die middel van Augustus, en te gaan eekhorinkie jag saam met Charlie en Banks, en hulle almal. Dis soort van ’n tradisionele ding by my. En so het ek vir Joe geneem. . .

2 Toe ons nou die keer hier was, het almal siek geword, die verandering van daardie baie warm klimaat af na hierdie—na hierdie koel klimaat wat julle hier het. Ek weet julle dink nie hierdie is koel nie, maar kom julle uit na Arizona eenkeer. Dit was honderd-en-nege in die skaduwee, toe ek nou die môre vertrek het; en dan omtrent middernag, in die nag, wanneer die koue lug afkom van die berge, was dit steeds ses-en-negentig. Uh-huh. Sien, dis om middernag, wanneer die koel lug afgekom het. En so dis. . . Daardie plek is goed in die wintertyd, maar dis vir skerpioene en akkedisse in die somertyd, nie mense nie. Selfs al die diere vertrek na die berge. Hulle kan dit net nie uithou nie.

3 En ek was uit en het my geweertjie ingeskiet. Ek. . . Om een of ander rede wil ek julle net vertel van die Capps seuntjie. En ek het. . . En, Joe, ek sal hom net die geweer moet gee, want hy kan beter skiet as ek. Ons het dit ingeskiet gekry, en ek het—ek het drukspykers ingeskiet op vyftig jaarts. En ek het vir—vir Joe gesê. . . Joe het gesê: “Pappa, ek dink ek kan dit doen.” Arme kêreltjie het ’n hoofpyn gehad. Ek het vir hom gebid, ’n hoë koors. Hy het uitgegaan na die skietbaan saam met my, en ek. . .

4 Enige twee-oor-tien boor in ’n twee—twee geweer, dit kruis sy vuurlyn op vyf-en-twintig jaarts; is weer in op vyftig, net dieselfde, as dit twee-oor-tien is. So toe. . . En ek het dit ingeskiet op vyf-en-twintig jaarts. En so het ek nog twee drukspykers gehad en ek het hulle opgestel, en as Joe nie al twee daardie drukspykers ingeskiet het nie! Ek het nie meer enige drukspykers gehad nie, so ek het ’n klein stukkie van ’n ou stuk kleiduif gevat wat daar gebars was, waarna kleiduifskuts skiet, net omtrent ’n kwart duim breed, en dit uitgeneem na vyftig jaarts, en hy het dit in die helfte deurgesny. En die teleskoop was gestel vir my oë, net ’n paar

jaar ouer as wat hy was. So hy het gesê: “Jy weet wat? Ek moet verbygaan en vir Billy sê om van nou af van my voete af te bly.” Sien? [Broer Branham en gemeente lag—Red.]

5 So, so ek het gesê: “Wel, ek sê jou wat,” gesê: “laat ons afgaan en dit vir Broer Norman wys.”

6 Ek het gesê: “Joe, in wedstryde regoor die wêreld, ek gee nie om wie dit sou wees nie, niemand. . .” Nou, die drukspykers was nie sywaarts ingeskiet nie, hulle was reguit deur ingeskiet. En daardie stukkie, nie meer as, ek reken, ’n kwart duim, en ’n sestiende dik, en ’n kwart duim hoog nie, hy het dit middeldeur gesny, op vyftig jaarts. Ek het gesê: “Daar is niemand in die wêreld wat ’n beter skoot kon geskiet het nie. Hulle kon, kampioene, kon dieselfde ding gedoen het, maar jy kon nie drie beter skote as daardie geskiet het nie.” Die drukspykers, nie gebuig nie, net ’n reguit gat deur die papier waar die drukspyker deurgegaan het. En ek het gesê: “Niemand kon ’n—’n beter skoot geskiet het nie.” Goed. Ek dink sy hoofpyn het hom dadelik verlaat.

7 En ek het gesê: “Wel, laat ons dit vir Broer Norman gaan wys,” wat werk vir die *Field And Stream*, Broer Tony Stromei se sportgoederewinkel.

8 Hy het gesê: “Laat ons eerste na Billy toe gaan.” Hy het gesê: “Ek—ek wil net vir Bubby iets gaan sê.” Sien? En, eerlik, sy broer het nooit so goed soos daardie gedoen nie. So hy het gesê: “Ons gaan eerste soontoe.”

9 En net soos ek by die deur ingegaan het, Billy was nog in sy slaapklere. En hy het gesê. . .Ons het vroeg afgegaan, want dit word so warm. En so het hy gesê. . .Die telefoon het gelui. En ek het gesê. . .Hy het soort van na my gekyk soos daardie. Ek het gesê: “Miskien ’n siekte oproep.” En dit was Broer Capps vir sy seun, in die operasiekamer toe, met buikvliesontsteking, en dit wat gewag het. En nou pas het hy my vertel sy seun herstel baie, baie goed.

10 So, sien hoe God daardie laat werk het, selfs in die stem van daardie seuntjie, Joe? In plaas van om af te gaan na Broer Norman toe, sou nie daar gewees het nie, en opgekom. En ek en Broer Capps het bymekaargekom. Ek sê nie dit was ons gebede wat dit gedoen het nie, maar dit het iets vir hom beteken vir ons om kontak te maak soos daardie. En, eerlikwaar, dis wat. . .Wanneer jy het—jy moet geloof hê in wat jy doen. Sien? En, daardie, sy geloof om te roep, en Billy was. . .

11 Hulle het geld ingesit. Hy het gesê: “Dit moet ’n baie lang afstand wees,” gesê: “hy het omtrent amper vyf dollar se kleingeld ingesit, in ’n drie. . .vir ’n drie minuut oproep.” En ek het gedink dit sou van New York of buite in een van

die eilande of iets kom. Maar hy het ’n persoon—na—persoon oproep gemaak, om vir Billy te kry in plaas van Loyce, julle sien, en dis wat dit hom gekos het om dit te doen.

12 En nou herstel sy seun. Broer Capps het gesê die dokter het hom baie min hoop gegee om ooit daar uit te kom, julle sien, uit die operasie. En ons is dankbaar teenoor God vanmôre hiervoor, baie bly daaroor.

13 Nou, ons het ingekom, naby daglig vanmôre, en ek het omtrent drie ure slaap gehad, en—en ek is nogal moeg. Maar toe die kerk . . . tyd geword het om kerk toe te kom, wel, het ek afgekom. En . . .

14 Die Here wil, moet ek nou afgaan in Kentucky, soos ek gesê het. Dan het ek belowe om een Sondag te preek terwyl ek terug was hier, en ek beter dit hierdie volgende Sondag maak, want die volgende sal ek wees . . . moet ek teruggaan. Want ek gaan weer weg, op in Kanada. So ek—ek beter dit volgende Sondag maak, en volgende Sondagoggend.

15 En Broer Neville het gesê: “Hoekom gaan jy net uit en groet die mense, en praat net ’n paar minute met hulle nie?”

16 Ek het gesê: “Broer Neville, ek het nie eens kwalik my Bybel oopgemaak nie.” Ek het gesê: “Ek . . . ”

17 Hy het gesê: “Wel, gaan uit en sê iets vir hulle.” En, Suster Neville, ek—ek—ek weet nie hoe jy dit doen nie. Hy’s ’n baie oortuigende kêrel. Maar terwyl . . .

18 Ek kry nie ’n kans om dit te sê wanneer die plek volgepak is, en saamgedrom, en alles nie, maar ek is baie dankbaar teenoor God vir ’n pastoor soos Broer Orman Neville. Getrou, net so getrou as wat hy kan wees, teenoor die Saak, en hoor hom nooit murmereer nie. Ek sit daaragter . . . ek het ’n goeie halfuur se gesprek met hom gehad, terwyl ek Broer Mann geniet het, en so sal ek hom meer daarvan vertel wanneer ons in Colorado kom vanjaar. So toe ons sy boodskap geniet het, en ek het ’n goeie gesprek gehad met Broer Neville. Ek het gesê: “Ek kry nie eens kans om die mense iets van ons goeie pastoor te vertel nie.” Ek het gesê: “Behandel die mense jou reg?”

Gesê: “Dit kan nie enigsins beter nie.”

En ek het gesê: “Wel, dis wat ek bly is om te hoor.”

19 Wanneer ’n pastoor tevrede is, en die mense is tevrede, maak dit ’n baie goeie kerk, en dan is God tevrede. En ek dink, om hulle tevrede te sien bymekaar, veral in hierdie dag van die Boodskap wat ons dra, dink ek dit wys die deurlopendheid van die Boodskap by die mense en by God. Sien?

20 En ek is baie dankbaar teenoor Broer Orman Neville en sy goeie vrou en familie. En ek bid dat God hulle getrou sal hou aan

Hom en die Saak. En as dit Hom so behaag, mag ons hier in die tabernakel staan wanneer die Here Jesus kom vir ons, julle sien, om ons weg te neem by die Wegraping. Ons hoop ons is albei so oud, Broer Neville, dat een een arm om die ander sal hê, en daar sal staan op ons kieries, steeds probeer uithou. Sien? “Dan sal ons verander word in ’n oomblik, in ’n oogwink.”

> En hierdie ou vleeskleed sal val,
> En opstaan en die ewigdurende prys aangryp,
> En skree terwyl ons deur die lug trek,
> “Vaarwel, vaarwel,” soet uur van gebed.

Ons het dan opbeweeg.

21 Het gehoor van Broer Coomers se genesing van die Here, en so dankbaar daarvoor. Soveel dinge. So ek is dankbaar om hier te wees vanmôre. En ek het gedink, in plaas van . . .

22 Ek kom altyd hiernatoe met ’n sekere teks, en prediking. Ek het gedink ek sal net uitkom vanmôre. En ek het gesê: “Broer Neville, ek sal die horlosie baie rustig dophou, en waarskynlik die mense laat uitkom op tyd, en net met julle, uit my hart, ’n paar minute praat; net dinge net, wat ons net het . . . Nee, hulle neem dit nie op of enigiets nie, so ons sal net gemeenskap hê terwyl daar net die kerkmense hier is, julle sien, net ons saam.”

So laat ons bid.

23 Dierbare Jesus, ons is dankbaar teenoor U vir die voorreg wat ons het om hier saam vergader te wees. En, o, soos ek gekyk het na hierdie tabernakel vroeg vanmôre, na middernag, verbygegaan het, het ek gedink van hoe U daarby gestaan het.

24 En ek dink aan die ou dam wat hier was, en groot ou onkruide wat hoog gestaan het, reg omtrent waar hierdie preekstoel is. As ’n klein seuntjie, het ek—ek hier gestaan. Meneer Ingram het gesê ons kon die erf kry vir net ’n bietjie geld, en iets neersit; en geen geld, geen sekuriteit, of niks om aan te bied nie, maar net om te probeer. Hoedat dit, toe, as volle gesigswaarde ’n klein bietjie meer as tweeduisend dollars was; met twintig jaar om dit af te betaal.

25 En nou, Here, kyk nou daarna! En terwyl dit in sy kinderskoene was, steeds hier onder in ’n gat gesit het, water wat daar ingestroom het; hoedat U ons belowe het, deur die Woord: “Ek, die Here, het dit geplant, Ek sal dit dag en nag water gee, sodat iemand nie sal kom en dit uit My hand pluk nie.”

26 Dieselfde tyd, het die mense gesê: “Binne ses maande, sal dit in ’n motorhawe verander word.”

27 Maar letterlik duisende siele het Christus hier gevind by die altaar. En die tabernakel, die doopbad het konstant . . . Mense is gedoop in die Naam van die Here Jesus; Sy Naam aangeroep, hulle sondes weggewas. Honderde verkreupeldes, beproefdes, blindes, kreupeles, verlamdes, kanker—gevretes, het weggeloop

van hierdie platvorm; ingekom, sterwend, mans en vroue, seuns en dogters, en uitgegaan om ’n nuwe lewe te lei, met ’n nuwe vlees op hulle liggame, en weer geloop; hulle rystoele, krukke, ensovoorts, gelaat. O God, hierdie dertig jaar van diens!

28 Vader, ek onthou die oggend wat ons die hoeksteen gelê het. En U het die visioen daar oorkant gegee, die plek gewys, gepak en vol, ’n pragtige hoek; ek—ek het geweet dat daardie nie kan faal nie. So ek dank U vir al hierdie dinge.

29 Baie van hulle het klaar ’n goeie stryd gestry, en die wedloop voltooi, en die Geloof behou; wat oorkant lê, wagtende, rus nou van hulle werke, en hulle werke wat hulle volg; wagtend vir die uur vir die basuin om te blaas, en weer te ontspring tot nuwe lewe, ’n nuwe liggaam. Baie van hulle oud en bewend, party jonk, middeljarig, ensovoorts. Maar laat U Naam geprys word vir alles.

30 Nou staan ons weer hier, voor die—die lewende en die dooie. Ek bid dat U U Woorde sal salf vanmôre. Ek weet nie een ding om te sê nie, maar ek bid dat U dit sal verskaf, wat U dit altyd gedoen het, Here.

31 Seën ons pastoor, Broer Neville, sy vrou. Seën die trustees, diakenrade, elke lidmaat van die liggaam. Mag, saam, ons so lewe in hierdie lewe, dat in die lewe om te kom, ons Ewige Lewe sal hê.

32 Help ons vanmôre om teregwysing te neem van die Gees en die Woord, dat ons onsself mag voorberei soos ons wegbeweeg van die deure vanmôre, vasbeslote in ons hart om ’n beter lewe te lei as wat ons het in die verlede. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

33 Nou, ek—ek het net die Bybel hier oopgemaak, en dit het so gebeur dat ’n paar minute gelede was. Ek is in Openbaringe 3, so ek sal net hier lees, oor die—die Boodskap aan die Laodicése Kerk.

34 En ek wil aankondig, ook, Broer Neville het my pas vertel; Broer Parnell, soos ek afgekyk het en hom hier sien sit, is in ’n—in ’n herlewing, net hierdie kant van Memphis. En die—die. . . enige van julle weet waar die ou Wimpy, die hamburger stalletjie, altyd was, hy het ’n—’n tent wat daarbinne staan, wat die gerwe probeer inbring en uitvind of daar enige verlorenes is aan daardie kant wat verordineer is tot die lewe, wat hy deur sy bediening vir Christus kan wen. En hy het dit gesluit vir Sondag, oor die dienste wat by die tabernakel is, en—en dis baie getrou van die broer. En ons wil hê julle moet weet dat die dienste oop sal wees volgende Maandagaand, volgende week. En ek weet julle is almal vriendelik uitgenooi om Broer Parnell sy boodskap van die liefde van Christus te hoor bring.

35 En laat ons nou lees uit Openbaringe die 3de hoofstuk, net ’n gedeelte, om te sê dat ons die Bybel gelees het. Want, wat

ek sou sê mag faal, maar wat Hy sê sal nie faal nie. En ek weet nie van waar af om te begin, wat om te doen, waarnatoe om te gaan nie, maar ek lees net die Laodicése Kerkeeu.

> *. . .skryf aan die engel van die gemeente van. . . Laodicense: Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie,* en *die begin van die skepping van God:*
>
> *Ek ken jou werke. . .jy nie koud is of ook nie warm nie. Was* dat*. . .tog maar koud of warm!*
>
> *Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal ek jou uit my mond spuug.*
>
> *Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat jy is wat ellendig. . . beklaenswaardig. . . arm. . . blind. . . naak is nie.*
>
> *Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word;. . .wit klere, dat jy jou kan aantrek, en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.*
>
> *Almal wat ek liefhet, bestraf en tugtig ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.*

36 Julle weet, iewers daarbinne, soos ek gelees het, ek. . .as julle my 'n oomblik sal verskoon, het ek—ek 'n sekere plek gevind wat goed gevind wat goed geklink het vir my, en ek weet nou net nie waar dit was nie. Hier is dit.

> *. . .en jy weet nie. . .ellendig. . .beklaenswaardig. . . arm. . .blind. . .naak is nie.*

37 O, goeiste, dis soort van die prentjie van die kerk hier vandag! Nou, dis, ek—ek dink dat die kerkeeu hier, waarvan ons praat. . .Natuurlik, ek het nou die kerkeeu wat uitkom in die boeke. Maar omdat dit die Laodicése Kerkeeu is waarin ons is, laat ons net na die toestande kyk.

38 Ek wil nie enige teks neem of enigiets nie, want ons is nie. . . praat net gemaklik, soos ons sien om te praat waaroor ook al die Here ons sou lei om te doen, maar iets wat ons sou help.

39 Laat ons dink aan die Laodicése Kerkeeu en sy toestand vandag. Sover ek weet, sien ek niks, op hierdie tydstip, om die Koms van die Here Jesus te verhinder, buiten die gereedheid van Sy Kerk nie. Ek dink dat een van die—die profesieë. . .

40 Gister, aan die opkom in die motor, ons het dit gery in twee dae, van Tucson, hiernatoe, reg tweeduisend myl, ek en Billy. En so ons, nou, dit was geen spoedwette oortree nie. Ons het reg gebly. Ek het daar gesit as hy bestuur het, en ek—ek het my vuiste teruggerol—gerol soos 'n haelgeweer met die hamer teruggetrek. Ek het hom sien oorgaan. Ek het gesê: "Wag 'n oomblik, seun."

Nou, ons word aangesê: "Gee Caesar wat Caesar toekom."

41 Toe het ons hier onder ingekom gisteraand, 'n klein meisietjie wat uitgestrek lê oor die pad, omtrent drie jaar oud; ma dood oorkant in die sloot. Een of ander dronk seun, wat gekom het vanaf die R.O.T.C. is agtien jaar oud, wat 'n honderd-en-twintig myl per uur gery het, aan die linkerkant van die pad, doodgemaak. En ek reken hy was sterwend, ook. Dan kan julle besef wat dit is.

"Gee Caesar wat Caesar toekom."

42 Onskuldige mense wat sterf. 'n Klein drie—jaar—oue meisietjie het haar lewe verloor, as gevolg van een of ander dronk soldaat, sien, wat honderd-en-twintig myl per uur ry, na skatting, aan die verkeerde kant van die pad. Bo—oor die heuwel gekom, en reguit afgeskiet, en hulle almal net daar bymekaar doodgemaak. Ek. . . Hy was ook sterwend. So dan kan julle sien, alhoewel die onskuldige party gedoen het. . .

43 Nou daardie seun is skuldig aan koelbloedige moord. Sien? Ek dink as 'n man op die pad gevang sou word, aan die drink, behoort hy reguit tien jaar gegee te word, vir ontydige. . . moord met voorbedagte rade; enige man, want hy net. . . enige man.

44 Ons, ons sal nooit goed vaar met politiek nie. Dis verrot. God se idee om 'n koning te hê, 'n regverdige koning, is reg. Maar politiek kring net eenvoudig uit, jy kan enigiets uitkoop; bedrieg, lieg, steel, enigiets anders. Soos ek 'n paar Sondae gelede gesê het: en kyk waar julle is, sien, niks behalwe 'n verdraaide klomp van alles nie. Maar 'n regverdige koning kan sy eie wette maak. En jy kan 'n man doodmaak; jy goeie politiek ken, dis alles reg, jy sal daarmee wegkom. Sien? En so, dis, dit—dit. . .

45 Die demokrasie is 'n goeie idee, maar dit sal nie werk nie. Net soos kommunisme, alle dinge in gemeen; dit klink goed, maar dit sal nie werk nie. Nee. Die God se manier om 'n koning te hê, soos Dawid was, was reg, en jy het een verstand wat bo—oor gesentreer is. Soos een leier en 'n klomp ganse, ensovoorts, jy kan nie twee of drie van hulle neem nie. Dan, sal jy hulle almal opmors, jy sal opkom met enige soort van 'n idee.

46 So ons vind die toestande, vandag, gereed vir die Koms van die Here.

47 Maar, terwyl ek en Broer Neville, en hierdie ander broers probeer om 'n kudde op te pas, het ek nou iets in gedagte, wat kom, waaroor ons mag praat.

48 Dit is, ek het nou die dag 'n brief gekry van 'n gawe dame. Ek het dit nooit ontvang nie; dit het deur 'n ander persoon gekom. En sy het my sekerlik uitmekaar geskeur, of probeer. Het gesê: "Het julle ooit. . . Kan julle Christen Besigheidsmanne nie iets doen om Broer Branham te stop nie?" Gesê: "Want hy het nou hierdie boek uit genaamd *Die Laodicéa Kerkeeu*, en bring nog uit." En gesê: "Hy skeur net eenvoudig Pinkster doktriene uitmekaar." Gesê: "Nou praat

hy van die aanvanklike bewys is nie praat in tale nie." En gesê: "Dan, hy's teen vrouepredikers." En hierdie was 'n vrouepredikers. En haar seuns, party van die beste vriende wat ek het in die wêreld. Sy, . . . Hulle is onder die beste vriende wat ek het. En sy het gesê: "Nou . . . "

49 En hierdie man en vrou, ek het ontbyt geëet saam met hulle; hulle het gesê: "Broer Branham, kyk hierna. Sou jy dit dink?" en het 'n brief uitgehaal.

Ek het gesê: "Wel, suster, sy verstaan net nie."

50 Die seuns het my vertel hulle moeder was 'n vrouepredikers, en dat sy nie die Boodskap aanvaar nie.

51 En nou sê sy hierbinne, sy het gesê: "Nou, hy het gesê: 'Vroue behoort nie gesag oor mans te hê nie.'" Gesê: "Wat van Fébé in die Bybel, Paulus se helper?"

52 Beslis, sy was 'n verkoper van goedere. En Paulus het vir die mense gevra . . . Dink julle Paulus sou sê: "Laat die vroue stilbly in die kerke, hulle nie toelaat om te praat nie," en omdraai en sê: "Nou, Fébé, my helper in die Evangelie, sy gaan 'n paar aande preek"? Tog, hy sou sy eie woord weerspreek. Sien?

53 En gesê, toe, om dit alles te kroon: "Ek glo dit was Ester . . . was een van die rigters in die Bybel." Gesê: "'n Vrou was 'n rigter in die Bybel. As dit nie gesag oor mans is nie!"

54 En hierdie besigheidsman wat nie lank gelede nie hier in die kerk genees is, hy het gesê . . . Nou, sy vrou het gesê: "Broer Branham, ek het altyd daaroor gewonder."

Ek het gesê: "Wel, suster, hoe sou dit jou laat wonder?"

Gesê: "Wel, hier is 'n vrouerigter."

55 Ek het gesê: "Dis politiek, nie die kerk nie. Dit het niks te doen met die kerk nie."

56 Paulus het gesê: "Laat hulle onderdanig wees, soos die wet ook sê." En die wet kan nie 'n vrou opstel as 'n priester nie; kan dit nie opstel nie. Julle het nooit 'n vroulike hoëpriester gesien nie. Julle het nooit 'n vrou 'n priester gesien, nêrens in die Bybel nie. Jy het nooit 'n vrou 'n prediker gesien, in die Bybel nie. Sekerlik.

57 Party van hulle was profetesse, ensovoorts; Miriam en verskillendes. En Ester . . . Een van hulle was 'n rigter oor Israel. Partymaal was hulle koninginne oor hulle, ensovoorts soos daardie, koning en koningin. Met die dood van die koning moes die koningin sy plek neem totdat hulle nog 'n koning gekies het, ensovoorts.

58 In—in Tucson, Arizona, het ons 'n vroueregter daar in die stad. Dis die rede waarom die stad so besoedeld is. En ons het . . . 'n Vrou het niks te doen in politiek nie. Sy het niks te doen in die . . . oor enige gesag in die kerk nie.

59 Haar plek is ’n man se koningin by die huis. Buiten dit, het sy niks. En ons weet dat dit die Waarheid is. Jy sal nooit vind. . . Ek weet dit klink outyds, maar ek is verantwoordelik.

60 En ek weet dat, na my vertrek van hierdie aarde, gaan daardie bande en daardie boeke voortleef, en baie van julle jong kinders sal vind, in die dae wat sal kom, dat dit presies die Waarheid is, want ek spreek dit in die Naam van die Here.

61 Nou, ons wonder hoe ’n vrou, wat ’n goeie vrou is, en sy het, deur haar getroue man, ’n goeie man, sommige van die beste seuns na hierdie aarde gebring, wat ek ooit ontmoet het, hulle is mans, wat ek ooit ontmoet het. En net vinnig, en net so gou soos hulle die Boodskap gehoor het, was hulle uitverkoop Daarvan, een honderd persent. Nou, dit kan slegs kom deur voorbeskikking. Dis die enigste manier wat dit kan kom.

62 Nou, die vraag is, hier. Ek het gedink dat, sien, nou waarom die Here my teruggebring het. “En weet dit, weet. . . Weet dit nie; jy is nakend, beklaenswaardig, ellendig, blind, en weet dit nie.”

63 Voordat ek by daardie plek uitkom, mag ek opsom wat ek ’n paar dae gelede gesê het, hier in ’n Boodskap oor, ek reken dit was *Die God Van Hierdie Wêreld*, die oë van die mense verblind, dat hulle absoluut die duiwel aanbid in godsdienstige dienste. Het julle dit almal begryp? Het julle dit almal verstaan? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

64 En toe in daardie selfde Boodskap, het ek die onderwerp gebring, dat, ’n vrou wat immorele klere dra, onvatsoenlik, sy word veroordeel by die Oordeelsbank as ’n straatprostituut. Dit klink baie vreemd.

Laat ek vir julle ’n prentjie teken.

65 Nou, hier is ’n advokaat in die stad, ’n jong kêrel, en hy’s ’n goeie man. Sover dit—dit politiek betref, reken ek mag hy so ordentlik wees soos enige, sy politiek. En dan gaan hy uit met ’n meisie wat baie gewild is. Hulle raak verlief en trou. Hulle woon al die partytjies en al die belangrike dinge by, en hulle drink almal saam. Uiteindelik, sy. . . Hy het ’n mooi huis. Hy woon in ’n goeie buurt. Hy word hoog aangeskryf onder die mense. Maar hy. . . Albei van hulle drink. Sy dra kortbroek, sny haar hare, dra grimering, alles net so seksueel, mooi vrou wat haarself tentoonstel. Wel, sy gaan nooit kerk toe nie, glad nie, nie een van hulle nie.

66 So, langs hulle, wat intrek, kom ’n vrou van die Baptiste kerk of die Metodiste kerk, sy en haar man. Nou, hierdie vrou. . .

67 Laat ons dit Metodis maak, want die Metodis gaan ’n bietjie verder met heiligheid as die Baptis; almal behalwe die Nuwe Testament Baptis, hulle glo in heiligheid. Maar, gewoonlik, gaan die Baptiste glad nie vir heiligheid nie, sien. Hulle glo nie in so—iets nie. So dan, nou, laat ons dit Metodis maak, want hulle glo in heiligheid.

68 En dan trek ’n Metodiste vrou langs hierdie vrou in, in dieselfde straat. Haar man is ’n. . .Laat ons sê hy’s ’n staatsrekenmeester, en, of een of ander kantoor. Wel, hierdie Metodiste vrou kyk oor na die ander vrou.

69 En wanneer hierdie advokaat uitstedig is. . .Sy naam is John; sê sy naam is John. Nou, moet nou nie daaroor aannames maak nie. Ek neem net denkbeeldige name nou. En sy naam is John. Wel, sy het altyd saam met Ralph gegaan. En daardie is ’n denkbeeldige naam, alles daarvan, sien, net sodat julle die storie begryp, om die prentjie te maak.

70 Wel, eerste ding waarvan julle weet, by ’n dronk partytje, omhels Ralph haar weer. Wel, sy word weer vuurwarm, want sy dink sy’s weer verlief op Ralph. Dan, naderhand, begin Ralph haar ontmoet. En sy kan vir John kul, dit oor sy oë trek. En sy dink sy’s ’n baie slim eendjie, omdat sy kan uitgaan met Ralph, getroud met John. Sien, die vrou het nie eens die geringste gedrag van ordentlikheid nie, en sy dink niks daarvan nie.

71 Maar hierdie Metodiste vrou het grootgeword in ’n ander klas. Sy gaan, ten minste, kerk toe, en sy dink dat daardie vrou verskriklik is. Wel, sy sê vir haar man, wanneer hy inkom: “Ek sien daardie man gaan daar in en ontmoet haar. En wanneer John uit is op ’n saak iewers, Filadelphia of êrens, neem hy haar uit in sy sportmotor, en hulle lê buite op die strand. Ek sien hulle huis toe kom; trek partymaal nie eens die gordyne toe nie, haar aan die soen en by haar slaap, volgende. . .O, is dit nie verskriklik nie?” sê sy vir haar man. “Tog, sy’s niks anders as ’n straatprostituut nie.” Dis waar. Sy is erger as ’n straatprostituut, want sy is ’n getroude vrou. Sien? En sy, hierdie vrou, hierdie Metodiste vrou, dink dis verskriklik, sy gaan nooit kerk toe nie.

72 Nou, hierdie Metodiste vrou sou nie so—iets soos dit doen nie. Nee, beslis nie. Sy’s ’n ordentlike vrou. En nog ’n ding, sy sal nie ’n druppel whisky aanraak nie, want die Metodiste kerk, negentig persent van hulle program is afskaffing teen whisky, teen whisky. So, hulle het ’n afskaffings program, en daardie mense van daardie Metodiste kerk lewe nie enigsins hoër as wat daardie kerk leer nie.

73 Maar hierdie selfde vrou, hierdie Metodiste vrou, gaan uit, op ’n aand, saam met haar man, en dra kortbroek op Sondag, na Sondagskool. Sy sny haar hare. Sy dra lipstiffie, en rook selfs ’n bietjie.

74 Nou, in God se Woord, is hulle albei prostitute, maar *hierdie* een hier is “naak, beklaenswaardig, ellendig, blind, en weet dit nie.” Een is net so skuldig soos die ander, want: “’n Man wat na ’n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel gepleeg met haar in sy hart.”

75 En as hierdie vrou, nou, sy sou sê: "Wag net 'n oomblik, Mnr. Branham. Ek sal jou laat verstaan, ek is geen prostituut nie." My suster, miskien as jy voor 'n Bybel gebring sou word, en jou hande Daarop sou plaas in die Teenwoordigheid van God, en 'n eed sou sweer dat jy net so getrou—l, getrou aan jou man sou wees as wat jy kan wees. Jou liggaam behoort aan jou man, maar jou siel behoort aan God. Daar's 'n bose gees wat jou salf. As daardie, as jy nie is nie, dan is jy. . . Ek kan bewys dat jy heeltemal kranksinnig is.

76 Wat sou gebeur het met jou ouma as sy buite in die straat geloop het met daardie kortbroek aan? Hulle sou haar in die gestig gesit het; sy sou uitkom sonder 'n rok aan. Daar is iets verkeerd met haar verstand. As dit toe so was, is dit nou so.

77 So dit gooi die hele wêreld in kranksinnigheid. Die hele ding is kranksinnig. En dit het so geleidelik ingekruip dat die mense dit nie weet nie.

78 Nou, is sy 'n prostituut? Nie by haar man, eed aan haar liggaam nie. Maar, voor God, het sy 'n bose, prostituutgees op haar, wat haar so laat aantrek. En sy's in die Laodicése Kerkeeu, en weet nie dat sy dit doen nie. Die onskuldige vrou weet nie dat God haar sal oordeel as 'n prostituut nie. Daar het julle dit.

79 Jy haar oortuig Daarvan; jy kan haar nie vertel nie. Daar is geen manier om haar Daarvan te oortuig nie. Die Bybel het gesê: "Hulle is nakend en hulle weet dit nie."

80 As jy haar 'n prostituut sou noem, persoonlik, sou sy jou laat arresteer. Sy sou. Ek praat nooit persoonlik oor enigiemand nie. Ek praat oor sonde. Ek sê nie: "*Hierdie* sekere kerk, Mnr. *So-en-so* daar, Eerw. *So-en-so* nie, hy's 'n. . . " Nee, nee. Ek sê daardie, die doktriene daarvan, sien, die hele ding saam. Ek noem nie indiwidu nie. Dis nie indiwidue nie. Dis die stelsel waarin hulle is. Dis die wêreldstelsel.

81 Broer George Wright wat hier sit is. . . Hy is vyf-en-sewentig, of agt-en-sewentig jaar oud, reken ek. Wat dink jy sou gebeur het, as jy eendag sou gegaan het om Suster Wright te sien, en sy sou gestaan het in 'n kortbroek? Wel, jy sou nooit, jy sou—jy sou die vrou laat opsluit het. Jy sou nooit met haar getrou het nie. Wel, as enige jongman in daardie dag dit sou gedoen het, sou dieselfde ding gebeur het. Wel, as dit toe sonde en verkeerd was, is dit dieselfde ding; maar die mense het in kranksinnigheid ingegroei.

82 Laat my iets aan julle profeteer, net voor dit gebeur. Die hele wêreld tas rond in kranksinnigheid, en sal erger en erger en erger word, totdat hulle 'n klomp maniakke is. En dis amper nou so.

83 Kan julle jul 'n man voorstel wat met sy ligte af bestuur, aan die verkeerde kant van die pad; 'n rickie, jong kind, veronderstel om net uit die hoërskool te wees, 'n klomp mense doodmaak. Stop dit hulle? Die volgende een kom net agter

hom, en doen dieselfde ding. Kan julle jul 'n jongman voorstel wat enigiets self dink. . . enigiets van homself dink, wat daar uitgaan en optree soos hulle maak?

84 Kan julle jul 'n jong vrou voorstel, en 'n fleur van vroulikheid, pragtig, goed gebou, gevorm, profiel, gesig, pragtig; en die einste ding dat sy mooi is wys dat ons aan die endtyd is. Sien, sy het heeltemal na wêreldse gelaatstrekke gegaan, wêreldse dinge en nie die skoonheid van heiligheid, soetheid in haar siel nie. Ek het vroue gesien, aan hul buitekant niks om na te kyk nie, maar jy praat eenkeer met hulle, praat met hulle 'n paar minute, is hulle 'n ware egte iets waarvan jy nie kan wegkom nie. Sien, skoonheid van die uiterlike is van die duiwel, dis van die wêreld.

85 Kyk na Kain se kinders, hoe hulle daarop ingegaan het. "Toe die seuns van God gesien het die dogters van die mens is mooi, het hulle vir hulle vroue geneem," en God het hulle nooit daarvoor vergewe nie.

86 Kyk, toe daardie Israelitiese vroue met—met geëelte hande, en hare in slierte; toe daardie seuns van God deur die land van Moab gekom het, en daardie fyn vroue met versorgde hare gesien het, en spoggerig, en 'n klomp manikuur op hulle gesigte, of wat jy ook al noem; en toe daardie seuns van God daardie baie mooi vroue gesien het, het 'n valse profeet gesê: "Ons is almal dieselfde." [Broer Branham klop ses keer op die preekstoel—Red.] En hulle het met hulle getrou, en God het hulle nooit vergewe nie.

87 Hulle het vergaan in die wildernis. Elkeen van hulle het daar gesterf, sonder hoop, sonder God, en is Ewiglik verlore; vir altyd verdoem, hoewel hulle die goedheid van God gesien het, hoewel hulle gedrink het uit die fontein wat nooit leegloop nie. Hulle het gedrink uit die geslaande rots. Hulle het die koperslang wonderwerke sien doen. Hulle het uitgekom onder die doop van Moses in die see. Hulle het die hand van God gesien. Hulle het Engelevoedsel geëet, en het al daardie dinge gedoen. Maar ondertrou, vroue hulle laat inbring, en ondertrou met hulle. Nie owerspel gepleeg nie, net met hulle ondertrou; God het dit nooit vergewe nie.

88 Dis die tweede keer wat dit bymekaargekom het. Hier is ons nou by die derde keer, nou meer misleidend as ooit.

89 Ek weet dis hard. En ek het dikwels gewonder, op baie maniere, hoe dit ooit sal wees? Hoekom moet ek so hard met mense praat? Wat maak dit so? En tog, let ek op, as dit nie was vir God nie, sou daar niemand wees nie, nie 'n vrou sou na my sit en luister nie. Maar hulle kom terug, want daar's iemand wat 'n klein ankertjie van Waarheid daar het, wat weet dat Dit reg is. Ongeag, hulle weet Dis reg. Kyk nou wat gebeur. Ek weet dis hard.

90 Dis net soos as ’n dokter jou medisyne gee en jy weier om dit te neem, moet dan nie die dokter blameer as jy sterf nie. En Hierdie is soos medisyne. Wat van hierdie mense wat altyd sê ek is ’n vroue-hater?

91 Julle sien, hou julle net dop hoe die vroue optree, en ek sal julle wys waar die kerk is. Die vroue se sedes in Laodicéa, in die wêreld, fisies: “nakend, belaenswaardig, blind, en weet dit nie,” die—die mense, die vroue van die wêreld. En die kerk is in dieselfde stadium. Kyk hoe die natuurlike die geestelike tipifiseer, regdeur, elke keer. Nou, eendag by die Oordeelsbank. . .

92 Ek weet dis nie gewild om dit te sê nie. En as ’n man nie verordineer is om dit te sê nie, beter jy dit nie sê nie; want jy boots na, en dan sal jy in die moeilikheid beland, verseker.

93 Nou let op. Ek het eintlik, gelyk asof, by tye, ’n vrou se mond oopgehou en die Medisyne in haar mond gegooi, en dan my hande oor haar mond gehou, en sy sal Dit elke keer uitspoeg. Wat as ’n dokter dit gedoen het aan ’n pasiënt, die pasiënt dan gesterf het omdat hulle nie die medisyne wou sluk nie? By die Oordeelsbank, wanneer al hierdie dinge soos hare sny en kortbroek dra en. . .

94 Ek bou net. Die uur is op hande wanneer julle iets gaan sien gebeur, wanneer iets gaan plaasvind. En al hierdie agtergrond hier is net om ’n fondament te lê vir ’n kort, vinnige Boodskap wat al die volke sal skud.

95 Hoekom ek op vroue gepik het, dit lê net daarbo vir iets sodat jy dit reg op die kop kan slaan, daarmee. Hulle selfs probeer vertel wat reg is. En ’n hand afhou soos *hierdie*, asof dit die mond is, en hulle spoeg Dit uit. Wie kan dan die dokter blameer?

96 Hoe gaan julle sê, by die Oordeelsdag, wanneer die einste stemme wat daarteen uitgeroep het, die plaat reguit sal terugspeel voor die mense? Hoe gaan hulle dan daarvan wegkom?

97 Spoeg Dit uit deur jou vingers. Gooi nog bietjie af, skud dan uiteindelik hulle kop en we-. . .?. . .terug, en gaan terug, wil dit nie doen nie. Tog, jy kom reguit weer terug en gooi Dit weer in. Wie is dan te blameer? Nie die dokter nie, nie die Medisyne nie, maar die gesindheid van die persoon. Dis presies. Sal ’n verskriklike dag wees, een van hierdie dae, wanneer hierdie sondige, owerspelige geslag voor die Almagtige God staan.

98 Ek sien my jare opkruip, my skouers afhang; en, ek weet, dertig jaar hier op hierdie platvorm, ja, drie-en-dertig jaar hier op die veld. Dis ’n lang lewe. Dis drie-en-dertig jaar van diens. Slegs een berou wat ek het; dat ek nie ’n honderd drie-en-dertig jaar daarvan het nie. Want hierdie sal die laaste geleentheid wees wat ek ooit sal hê terwyl ek sterflik is, om die Evangelie te preek. God help my om so getrou te staan as getrou kan wees, aan daardie Woord, en net te sê soos Hy sê.

99 Wat het daardie Metodiste vrou gedoen. . .Hoe kon jy haar ooit Daarvan oortuig? Hier is sy, in daardie Laodicése Kerkeeu.

100 Nou sal ons die Pinkstervrou neem. Sy behoort nie kortbroek te dra, grimering te dra, of haar hare te sny nie. Maar sy kyk terug af na die Metodis, sê: "Kyk na daardie vrou wat *so-en-so* maak!" Sê die vrou dra nie kortbroek nie, maar sy sê. . .en sy self met geknipte hare. Sien?

101 Hoër jy styg in God, hoe meer sondig lyk die hele ding. En dan partymaal in gebed, kan jy jou voorstel, wanneer die Heilige Gees jou opneem in 'n sfeer, dan lyk die hele ding na chaos. Dan wanneer jy weer afkom, lyk dit asof jy, aan die mense, jy 'n skurk is, dat jy—jy niks anders is as 'n ou sarkastiese nie. Jy's 'n dwaas, want jy staan soos 'n ou kranksinnige en bestraf altyd die mense. Maar as jy ooit in daardie sfere opklim eenkeer, waar jy in die Teenwoordigheid van God kan wees (nie deur emosie nie, maar deur egte Heilige Gees verheffing), is oor die hele ding geskryf: "IKABOD." Die Heerlikheid van die Here is weg uit die hele denominasionele opset. Dis reg. Daar's niemand van hulle wat reg is nie.

102 Nou laat ek vir julle 'n sirkeltjie teken. As ek 'n swartbord gehad het. . .Maar ek wil hê julle moet hier dophou. [Broer Branham teken die volgende ringe op iets—Red.] Ek gaan een ring maak soos *hierdie*, en ek gaan 'n ander ring aan die binnekant van daardie ring maak, dis twee, dan gaan ek 'n ring aan die binnekant van daardie ring maak. Dis drie ringe, drie sirkels. Nou, dis jy.

103 Dis God. God in 'n drie—eenheid is Een, en sonder 'n drie—eenheid is Hy nie God nie. Hy kan nie op enige ander manier gemanifesteer word nie.

104 En nog minder kan jy gemanifesteer word sonder om die drie—enige persoon te wees wat jy is, dis: liggaam, gees, siel. Sonder enige een van hulle, is jy nie volledig nie. Sien? Jy nie 'n siel 'n gehad het nie, sou jy niks wees nie; jy nie 'n gees gehad het nie, sou jy niks wees nie; jy nie 'n liggaam gehad het nie, sou jy net 'n gees wees, nie 'n liggaam nie.

105 So, God is volledig in die drie—enigheid van 'n Wese; nie drie—enigheid van *wesens* nie, maar Een Wese in 'n drie—eenheid. Vader, Seun, en Heilige Gees is een ware gemanifesteerde God. God!

106 Let op hier, wag net, ek—ek dink ek het dit net 'n paar minute gelede gelees. Luister hierna.

> *. . .aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:*

107 God is die Skepper. En hoe was Hy ooit geskep? Maar hierdie is "die begin van die skepping van God." Toe God, die

Gees, geskep is in 'n vorm van 'n Man, was dit God wat geskep is; God die Skepper, wat Self 'n skepsel geword het. God, Wie die stof gemaak het, die kalsium gemaak het, die potas gemaak het, kosmiese lig, petroleums, die ding bymekaar geneem het en Homself gemaak het, in "die begin van die skepping van God."

108 "Die Amen," die voleinding. *Amen* beteken "laat dit so wees." "Die voleinding van God," toe God voltooi het in Sy skepping.

109 Nou, hoe was dit? "Geen mens het God gesien op enige tydstip nie, maar die Eniggeborene van die Vader, het Hom verklaar." Begryp julle dit?

110 Sê, net 'n oomblik, julle is nie haastig nie. Laat ons oorblaai na Kolossense, net 'n oomblik. Ek het net. . .'n Skrif tot my herinnering gekom. Laat ons blaai na Kolossense, die Boek van Kolossense, en kry die. . .Ek dink dis die 1ste hoofstuk. Ek sal hierna moet kyk, want dis nie vooraf bedink hier nie. So ek sal. . .Soos ek altyd was, toe ek 'n jong prediker was, kon ek aan hierdie dinge dink [Broer Branham klap sy vinger een keer—Red.] sommer dadelik, maar soos ek ouer word, kan ek nie. Laat ons begin by die 9de vers, dink ek. "Daarom. . ." is Paulus, wat die Kolossense vertel van Christus, Wie Hy was.

> *Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en. . .vra dat julle vervul mag word met* al *die kennis van Sy wil in alle wysheid en insig* van die gees,
>
> *sodat julle waardiglik voor die* Here *mag wandel, om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei,*
>
> *en met alle. . .bekragtig word volgens die mag van* die *heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap,*
>
> *en die Vader mag dank wat* bekwaam. . .wat *ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges. . .*
>
> *Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,*

111 Hier kom ons nou. Hou dop.

> *in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van sondes.*
>
> *Hy is in die Beeld van die onsienlike God,. . .*

112 Begryp dit? 15de vers, Kolossense 1:15.

> *. . .die Eersgeborene van die hele skepping;*

113 Amen! Die wat? "Die eersgeborene van die hele skepping." Laat dit Engel wees, laat dit enigiets wees wat dit mag wees; Hy's die eersgeborene van die hele skepping.

want in Hom is alle dinge geskape—alle dinge *geskape wat in die hemele is, of op die aarde is, wat sienlik . . . onsienlik is, trone sowel as heerskappye, . . . owerhede, . . . magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.*

114 Laat dit enigiets wees wat dit wil wees; geen ander wese nie! Let op: "En in . . . En hy is daarom . . . "

*. . . Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.*

115 Of dit Vader, Seun, Heilige Gees is, wat dit ook al is: "Hy is voor alle dinge." "Voor alle dinge wat in die Hemel is, op die aarde; sienlik, onsienlik, of enigiets," hierdie Seun van God, was voor alle dinge. Dit reg? Ek gee nie om, of dit trone, heerskappye is, wat ook al dit is nie; Hemelse trone, koninkryke, wat ook al dit mag wees in die groot bonatuurlike sfere daar oorkant, in die Ewighede waar dit was; wat ook al dit was, Engele, gode, wat ook al dit was: "Hy is voor alle dinge." Amen! Kan julle Hom nie sien nie? "Hy was voor alle dinge; en is deur Hom geskape. Hy . . . " Die 17de vers.

*En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.*

116 Daar is niks behalwe Hy wat dit kan in stand hou nie. Of dit God die Vader is, God die Heilige Gees; of dit die Engele is, owerhede, magte, heerskappye; wat dit ook al is, alle dinge hou stand deur Hom. "In Hom hou alle dinge stand." Hy!

*En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is—Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode (dit is, opgerig wat Hy kom verlos het); sodat Hy in alles die eerste kan wees.*

117 "Die eerste kan wees," weet julle wat dit beteken? Dis: "oor alles." Hy is oor alle dinge wat ooit geskep is; elke Engel, elke wese, elke—elke ding wat daar is. Hy is oor alle dinge. Watter Skepsel is Hierdie? Wie kan dit wees? Oor alle dinge! "Nadat vrede gemaak het . . . " Laat ons sien, net 'n oomblik. Eers- . . .

*Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon*

118 "Die ganse volheid van alle dinge." Al die volheid van God, al die volheid van die Engele, al die volheid van tyd, al die volheid van Ewigheid; alles het in Hom gewoon. Dis hierdie Kêrel.

*en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis — ek sê deur Hom — die dinge op die aarde, sowel as in die hemele.*

119 Daar is daardie groot Wese waarvan ons praat: "Die begin van die skepping van God."

120 Nou, nou dat, die Kerk, dat Sy hele eintlike doel die Kerk was. Nou hoe kom ons in daardie Kerk in? "Deur een Gees word ons gedoop in een Liggaam," die Kerk, die Liggaam van Christus. Dit kan nie faal nie.

121 Nou, hier is wat gebeur. Nou hou hierdie dop, net 'n figuurlike prentjie hier. [Broer Branham wys weer sy illustrasie van drie ringe—Red.]

122 Nou, hierdie buitenste mens is die vlees. Dis waarna ons kyk; wat ons sien. En dit het vyf inlate tot die liggaam. En enige grammatikaskool kind, soos myself, sou weet daar is vyf sintuie wat die liggaam beheer; sien, proe, voel, ruik, en hoor. Daarsonder, kan jy nie die liggaam aanraak nie. Dis die enigste weg wat jy het na die liggaam; sien, proe, voel, ruik, hoor; jy sien dit, proe dit, voel dit . . . Nou, dit is die bose, aan die buitekant.

123 Nou, daarbinne is 'n gees, wat jy word wanneer jy gebore word op die aarde, en die asem van die lewe in hom ingeblaas word. Daardie gees is van 'n wêreldse natuur, want dit word nie van God gegee nie, maar dit was (gegee) toegelaat deur God. Het julle dit nou? Want, elke kind wat gebore word in die wêreld: "is gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid; kom na die wêreld en spreek leuens." Is dit reg? So, daardie persoon, is daar binnekant, 'n sondaar om mee te begin. Nou, maar . . .

124 Nou, dit het vyf inlate. En daardie vyf inlate . . . ek weet nie of ek hulle nou reg sal opnoem nie. Wanneer die . . . Eerste, weet ek, is denke, gewete, en liefde, keuse . . . Nee. Gewete, liefde, redenasie . . . Daar is vyf inlate tot die gees. Jy kan nie dink met jou liggaam nie; jy moet dink met jou gees. Jy kan nie gewete hê in jou liggaam nie. Dit het glad geen verstandelike vermoëns nie; jou liggaam het nie, so jy moet dink met jou gees. Jy moet redeneer. Jy kan nie redeneer met jou fisiese wese nie, want redenasie sien, proe, voel, ruik, of hoor nie. Redenasie is wat jy kan maak in jou verstand. As jy slaap of uit is, lê jou liggaam daar dood, maar jou gees kan steeds redeneer. Daar is vyf sintuie wat daardie binneste mens beheer. En daardie . . .

125 Nou, na die laaste mens wat die siel is, daar is net een sintuig wat dit beheer, en dit is vrye . . . morele agentskap se wil om te kies of te verwerp.

126 En nou die rede waarom mense vandag . . . Nou, moet dit nie nou vergeet nie, en julle sal—julle sal sien wat die Heilige . . . wat die aanvanklike getuienis van die Heilige Gees is. Sien?

127 Nou, mense kan lewe in hierdie gees, en hulle dans in die gees. Hulle skree in die gees. Hulle gaan kerk toe in die gees, en hulle kan absoluut die ware Gees van God gesalf hê op daardie gees, maar steeds verlore wees en net so duiwelbesete as wat hulle kan wees, met daardie gees.

128 Want, kyk, dis die rede waarom jy nie vir daardie vrou kan vertel, dat sy kortbroek gedra het, verkeerd was nie. Jy kon haar nie vertel dat die afsny van haar hare verkeerd was nie. "Wel, wat het jou hare daarmee te doen?" Wel, dit het vir Simson. Sien?

129 "Wie ook al een woord Hierby sal voeg, of een Woord Daarvan sal wegneem." Jy moet 'n uiterste iewers hê.

130 Nou, byvoorbeeld, as ek 'n—'n—'n—'n Baptiste man was, en jy kom af en vertel my ek moet—ek moet gedoop word in die Naam van Jesus Christus; dis in die Bybel. Wel, eerste ding waarvan jy weet, sou ek sê: "Ek sal my pastoor vra."

131 En ek gaan na die pastoor toe; hy sê: "O, dis iets ver terug, sien. Ja, sien, ons Baptiste, hier is wat ons glo; ons glo dat ons onderdompel behoort te word in die titels van 'Vader, Seun, Heilige Gees.' Dis die manier wat die hele kerk dit gedoen het. Sedert John Smith dit gestig het, is dit die manier waarop dit gedoen word." Wel, dis jou uiterste. "Basta met wat daardie kêrel sê!"

132 Wat as jy 'n Metodis is, en besprinkeling is jou stelsel, en jy word vertel jy moet onderdompel word? Sien wat ek bedoel? Jy gaan terug na die Metodiste pastoor, en hy sal skryf en die biskop vra, as so-en-so, so-en-so gesê het hieroor. "Maar ons, die Metodiste kerk, ons is drie of vierhonderd jaar gelede gestig, in Engeland, deur John Wesley, en Whitefield, en al die res van hulle daar, en Asbury. Ons het hierdie dokument bepaal, deur John Wesley te volg, dat ons besprinkel moet word, want dis net 'n buitenste emo-. . . vorm. En ons dink dat besprinkeling net so goed is soos die ander manier." As jy 'n ware . . . As die Metodiste kerk jou ultimatum is, is dit so ver as wat jy gaan.

133 As jy 'n Katoliek is . . . En ek sê jou, dis nie in die Bybel om nie vleis te eet op Vrydae, en al hierdie dinge soos dit nie, en "die Heilige Oblaat is nie 'n oblietjie nie, want dis 'n Gees," ensovoorts. En jy gaan na jou priester toe, die priester sê: "Hier is dit, hier geskryf in ons dokument." En as die kerk jou uiterste is, gee jy nie 'n gryntjie om wat enigiemand sê nie. Dis jou uiterste.

134 O God, help hierdie om in te sink! Vir my, is die hele ding verkeerd. God se Woord is die uiterste. Wat ook al daardie Woord sê, dan is dit reg.

135 Nou, die enigste manier hierbo in hierdie sfere wat jy ooit in hierdie klein binneste mens kon wees; en jy moet verordineer wees. Omdat jy by God was, jy 'n deel van God is.

136 Ek was in my vader. Ek was ook in my oupa, en my oorgrootjie. Deur saad, was ek daarin.

137 En ek was in Christus. Jy was in Christus voor die grondlegging van die wêreld. Hy het gekom om Sy Eie te verlos, Sy Eie wat in Hom was. Halleluja! Sy kinders wat in Hom was.

138 Hy het nooit gekom om—om die duiwel se kinders te red nie. Hulle sal Dit nooit weet nie. En hulle is so slim in die maniere van hulle intellektuele opleiding, dat jy glad nie met hulle kan vergelyk nie. Jy kan nie by hulle verbypraat nie. Maar, deur geloof sien jy Dit.

139 Nou, wetenskap het nie enige geloof nodig nie. Wetenskap bewys waarvan hulle praat. Dit het nie enige geloof nodig nie.

140 Die Katolieke priester sal jou vertel: "Kyk hoe lank die Katolieke kerk gestaan het. Kyk hoe lank het sy gestaan onder die verdrukking van heidendom."

Die Metodiste kerk sê: "Kyk hier hoe lank . . . "

141 Ek het 'n kerk gesien . . . praat van 'n skynheilige teken; met die pad opgekom gister, het ek gesien. Gesê: "Die kerk van Christus. Gestig 33 nC." Dit is nog nie 'n honderd jaar oud nie, sien, die denominasie. O, goeiste! "Doktriene van die apostels"? Het kwalik enigiets. Hulle is die Sadduseërs van die dag; geen Gees nie, nee . . . En jy kan hulle nie sê nie; jy kan nie met hulle praat nie; jy kan nie met hulle redeneer nie.

142 Want, ons gaan verby redenasie. "Steun nie op jou eie begrip nie." Geloof redeneer glad nie. Geloof glo Dit.

143 Hulle sê: "Nou, kyk hier, glo jy ons hoef hierdie dinge van destyds te doen? Onsin! Daardie . . . "

144 Maar die Bybel het so gesê. Ek kan nie verduidelik hoe dit gebeur nie, maar dit gebeur. God het so gesê. So jy hoef nie . . . Ek kan jou niks daarvan sê nie. Geloof verduidelik Dit nie. Het julle dit geweet? Geloof glo Dit net.

145 Jesus het vir Nikodémus gesê, vanaf die San- . . . ekumeniese raad van Sy dag; in die nag na Hom gekom, gesê: "Meester, ons weet U is 'n Leraar wat van God kom, want geen mens kan die dinge doen wat U doen, behalwe as God met hom is nie."

146 Hy het gesê: "Voorwaar, Ek sê vir jou: 'As 'n man nie wedergebore word nie, kan hy nie eens die Koninkryk van God sien nie.'"

147 Gesê: "Ek, 'n ou man, weer in my moeder se skoot ingaan, om gebore te word?"

148 Hy het gesê: "Nou hoe gaan Ek jou Hemelse dinge vertel, wanneer jy nie eens die aardse dinge glo nie?" Sien?

149 Toe het Hy gesê, eendag: "Behalwe as julle die vlees van die Seun van die Mens eet, Sy Bloed drink, het julle geen Lewe in julle nie." Hy het dit nie verduidelik nie.

150 Daardie apostels en hulle van daardie dag, wat verordineer was tot die Lewe; Hy het dit geweet. Gesê: "Almal wat die Vader vir My gegee het, sal kom. Enigste ding wat julle moet doen, is om My Stem bekend te maak; hulle ken dit, want My skape ken My Stem." En 'n stem is 'n uitgedrukte woord. [Leë kol op band—Red.] "Hulle glo Dit, in elk geval. Hulle hoef nie

enigiets wetenskaplik te bewys, of enige Sadduseër of Fariseër, of enigiets daaroor te vra nie. Ek het dit gesê, hulle glo dit, want My skape hoor My Stem."

151 En *Hierdie* is die Stem van God in lettervorm, want *Hierdie* is die volledige openbaring van Jesus Christus, Ou en Nuwe Testament bymekaar gesit. Amen. Daar het julle dit.

152 Hoekom? Julle sê: "Hierdie is goeie mense. Wat maak hulle. . ." Want, een ding, hulle ankerplek is op 'n kerk. En hierbinne. . .Julle onthou verlede Sondag s'n, 'n week gelede; hoe baie was hier en die preek gehoor oor *Die Gesalfdes In Die Laaste Dae*? Ek dink almal van julle. Sien, hulle is gesalf. Hulle geeste is gesalf, in *hierdie* tweede sfeer.

153 Nou, daardie eerste vrou sê. . .Nee, sy gee nie 'n gryntjie om wat die kerk sê, wat enigiemand anders gesê het nie. Sy's 'n slim eendjie. Sy het kollege opleiding. Sy kan dit wegsteek vir haar man, en dink sy's baie slim deur dit te doen.

154 Hierdie ander vrou is "nakend, blind, en weet dit nie." O, dis jammerlik, maar dis die prentjie wat die Bybel vir ons skilder. Nou, sy gaan kerk toe. Daardie vrou, sal waarskynlik beter wees, daardie vrou sou wees. . .Sy lei 'n goeie, skoon lewe; daar is niks daarteen nie. God sal die Regter daarvan wees. Ek weet nie; ek is nie die Regter nie.

155 Ek is net die. . .verantwoordelik vir wat Hy my wys. Dis wat die apostels gesê het. "Ons preek wel dit wat ons weet, wat ons gehoor het, wat ons gesien het." Dis al waarvoor ek verantwoordelik is. Dis al waarvoor jy verantwoordelik is.

156 Maar nou, julle sien, as jy daardie selfde vrou sou neem. . . waar was haar uiteinde? Sien? Sy het reguit ombeweeg. Sy het gehoor, sonder twyfel, die radio aangeskakel, baie keer. Die Stem van God het baie keer gepraat. Wel, nou, sien, sy kom oorkant in hierdie sekte in, hier, 'n kliek. Alle kerke is klieks. Alles, dis presies reg, hulle is net losies waar mense saam groepeer as lidmaatskap. En sy kom hiernatoe; wel, dit pas haar net reg. Nou as jy gaan om haar te vertel wat sy moet doen, sal sy nie na jou luister nie. Jy wys dit vir haar in die Bybel; sal sy nie Daarna luister nie.

157 Nou, my dierbare broer, suster, net nog een of twee opmerkings voor afsluiting. Dis kwart voor, tyd om te verdaag; vyftien minute.

158 Nou kyk, ek wil julle iets vra. Hoekom kan daardie vrou dit nie sien nie? Hoekom kan sy nie? Sover as owerspel fisies, aan haar man, is sy nie skuldig nie; het sy niks om te bely nie. Sy's so skoon soos sy was die dag toe sy gebore is, geen man het haar aangeraak nie.

159 Ek praat parallel nou, met die vrou, met die kerk. Sy's so skoon as toe sy gebore is. Wel, dis presies wat die kerk is, soos toe sy gebore is, maar sy was "gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, kom . . ." Sien wat ek bedoel?

160 Nou jy sê vir haar dis verkeerd vir haar om haar hare te sny; die Bybel het so gesê. Dis verkeerd vir haar om daardie kortbroeke te dra; die Bybel het so gesê. Sy sou sê: "Onsin." Hoekom? Haar uiterste is nie *hieronder*, in daardie derde mens, die siel wat voorbestem en gestuur is van God nie. Maar haar uiterste is op 'n organisasie *daarbuite*, wat 'n sekere mense georganiseer het buitekant Hierdie. Sien?

161 Maar as die Woord van God onder in daardie siel is, sê dit: "Amen! Ek sien dit." Dit lyn op Daarmee. Nou kyk hier. Daarom, die mens wat gebore is uit die Gees van God . . .

162 Sien, *hier* is die buitenste vlees. En, ek praat in 'n gemengde gehoor, gaan praat as julle—as julle pastoor, as julle broer. *Hier* is die vlees, dis swak, dit sal . . . 'n Dametjie loop in die straat af; 'n sekere jongman, net in sy jong ouderdom, wanneer hy sewentien, agtien, twintig jaar oud is, vyf-en- twintig, dertig, rondloop daarbinne . . . en hierdie jong dame kom, swaai elke vorm, haar liggaam, loop met 'n paar hoëhakskoene aan; haarself uitsteek voor en agter; en rok is so hoog bokant haar knieë, of 'n kortbroek aan. Het julle geweet die Bybel het gesê sy sou optree soos dit? Julle weet, die Bybel het gesê dis hoe sy sou optree, hoedat sy so vuil sou wees.

163 Het julle dit hier gelees, hierdie maand se *Reader's Digest*, dat: "Mans en vroue van hierdie dag, klein dogtertjies, van twintig of vyf-en-twintig jaar oud, in menopouse is," dat jy deur die verandering van lewe gaan in die middeljare van die lewe, volgens die wetenskap, tussen twintig en vyf-en-twintig. Dit was altyd rondom dertig of vyf-en-dertig, in my tyd. In my moeder se tyd, het 'n vrou nooit menopouse getref voordat sy veertig of vyf-en-veertig was nie.

164 Wat is dit? Dis deur wetenskap, en die kos, die basters, wat die hele menslike liggaam verdraai het totdat ons 'n klomp van—van—van 'n klomp verderflikheid geword het. Wel, as die fisiese wese verderf is, is die breinsel in daardie fisiese wese nie?

165 Nou, hou die Gees dop, wat dit volg. Daar sal 'n tyd aanbreek, in die Naam van die Here, dat mense heeltemal kranksinnig sal word. Die Bybel het so gesê. Hulle sal skree en gil; groot verskriklike dinge in hulle verbeelding. Die radio's en dinge, ons televisieprogramme produseer dit. Daar sal sulke dinge soos miere opstaan op die aarde, wat so hoog sal wees soos veertien bome; daar sal 'n—'n—'n voël wees wat sal vlieg oor die aarde, met vlerke vier of vyf myl breed; en

mense sien hulle, hulle sal skree en gil, en uitroep om genade. Maar dit sal die Plae wees. Wag totdat ek preek oor daardie Plae wat oopmaak.

166 Kyk wat Moses gedoen het onder die fisiese wese, nie die Gees nie, toe Hy gesê: "Moses . . ." God het vir Moses gesê: "Gaan daar uit," aan Sy profeet: "tel 'n handvol stof op, gooi dit op in die lug, en sê: 'SO SPREEK DIE HERE, vlooie sal op die aarde kom.'" Daar was geen vlooie nie. Die eerste ding waarvan jy weet, het hulle iets op 'n bos sien kruip. Oorkant gekyk, daar is iets anders. En naderhand, was hulle so diep, jy kon nie deur hulle waad nie.

167 Waar het hulle vandaan gekom? God is die Skepper. Hy kan doen wat Hy wil. Hy is soewerein. Hy kon 'n—'n voël maak wat sy vlerke van die een kant van die aarde kon strek—strek.

168 Hy het gesê: "Laat daar vlieë kom, oordek oor die hele aarde." Daar was nie 'n vlieg in die land nie. Eerste ding wat jy weet, begin 'n ou brommer rondvlieg. Eerste ding, was daar agt of tien, twaalf. Eerste ding waarvan jy weet, kon jy nie deur hulle loop nie. God, die Skepper, hou Sy Woord.

169 En hy het sy staf uitgestrek, op die bevel van God, en gesê: "Laat paddas opkom en die aarde oordek." En die paddas het gekom totdat hulle hulle opgehoop het, hope, en stank oral was, miskien veertig of vyftig voet hoog, van paddas. Hulle was in die kas van—van Farao. Hulle was in die . . . die laken oopslaan, en daar sou 'n vyfhonderd paddas onder die laken wees, onder die bed, in die kos. Oral waar hulle gegaan het, was paddas, paddas, paddas. Waar het hulle vandaan gekom? God, die Skepper, is soewerein. Wat Hy sê, sal Hy doen!

170 En Hy het gesê daar sou verskriklike gesigte op die aarde wees. "Sprinkane met hare soos vroue," lang hare, om te spook by daardie vroue wat hulle hare te sny. "Tande soos leeu; angels in hulle sterte, soos skerpioene; hulle sou mense teister, maande." Wag net totdat ons ingaan om daardie Plae en Seëls oop te maak, en daardie Sewe Donderslae, kyk wat plaasvind. O, broer, jy beter by Gosen uitkom, terwyl daar tyd is om by Gosen in te kom. Moenie enige aandag skenk aan hierdie buitenste nie.

171 Kyk hier. Hier's 'n klein dametjie wat haarself in die straat afswaai; hier's 'n jong kêrel, sy oë vang dit. Hy's 'n lidmaat van die kerk. Hy's 'n Pinkster. Hy's wat ook al hy is. Maar die eerste ding wat jy weet, daar's geen ankerplek *daar* binne nie. Sy sal sê: "Hello." Hy het krulhare en lyk soort van aantreklik, jongman met regop skouers; probeer miskien reg lewe. Sy begin naderloop na hom, selfs 'n prediker. Die eerste ding waarvan jy weet . . .

172 Wat is dit? Hierdie *hier* buite, die vleeslike begeerte; en die gees *hier* onder, selfs gesalf, wat sê: "Moet dit nie doen

nie, moet dit nie doen nie." Maar wat sal dit doen? Dit sal reguit ombeweeg, daar stop, daar gaan dit. Eerste ding wat jy weet, probeer hy 'n afspraak maak met haar. Hy is skuldig aan owerspel pleeg, of hy haar aanraak of nie.

173 Maar, 'n ware, wedergebore seun van God! Amen! Jy kan dit nie self doen nie. Dit is totaal onmoontlik vir 'n—'n vol bloed man om voor 'n vrou soos daardie te loop, sonder dat iets plaasvind. Maar wanneer daar Iets aan die binnekant is; daardie klein wedergebore Iets *hier*!

174 Hoewel daardie man kon geskree het, in tale gepraat het, gespring het, gedans het, alles anders, gesalf met die Gees, al die tekens en wonders gedoen het, wat God daarbinne gesê het, deur Sy Gees! Jesus het gesê: "Baie sal na My toe kom in daardie dag, sê: 'Here, het ek nie geprofeteer in U Naam nie? Het ek nie duiwels uitgedryf in U Naam nie? Het nie. . .' Hy het gesê: 'Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid.'" Wat is ongeregtigheid? Iets wat jy weet om te doen, en doen dit nie. "'Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid, Ek het julle nie eens geken nie.'"

175 Maar onder aan die binnekant van daardie man, as daardie klein ankerplek daarbinne is, daardie Saad van God, wat voorbestem is voor die grondlegging van die wêreld; gee ek nie om wat gebeur nie, dit hou hom. Dis daar om te bly.

176 Dis hoekom daardie vrou daardie kortbroeke sal dra. Sy word 'n prostituut gereken, dieselfde as die vrou in die daad. Sien? Sy weet nie dat daardie gees. . .Hoe weet sy? Haar uiterste.

177 Wat is 'n uiterste? Is die laaste woord. Die uiterste is die amen. Dis die einde van alle stryd, jou uiterste.

178 En as jou kerk, 'n Pinksterkerk, jou vertel dat: "Lang hare en goed net fanatisisme is. Jy 'n spaarwiel, agter op jou kop het," ensovoorts, daardie soort dinge, is die man van die duiwel besete.

179 Want, God se Woord het gesê: "Dis 'n skande vir 'n vrou om haar hare te sny. Sy sal haar hoof onteer." As sy haar man onteer, en haar man is die Kerk, en die Kerk is Christus, is sy 'n oneerbare godsdienstige prostituut; nakend en weet dit nie. Nakend! Sê die Bybel nie: "Die vrou se bedekking is haar hare," nie? Is die hare nie vir haar gegee vir 'n bedekking nie?

180 Eendag, oorkant by die Oordeelsbank! Ek het die Medisyne probeer ingooi, en Dit probeer hou met my hande, en jy spoeg Dit reguit weer terug, uit tussen jou vingers. God sal hulle eendag oordeel. Dis SO SPREEK DIE HERE. Dit was nie 'n klomp dwaasheid, of 'n mal ou man wat opgewerk is nie. Dit is nie. Want, dis die Woord van die Here.

181 En 'n ware, egte Christen sal daardie binneste man hanteer, daardie Gees wat daaragter in die begin was, wat die Woord is.

182 Soos Hy die volheid van julle almal was, was julle in Hom daar oorkant by Gólgota. Hy het vooraf geweet julle sou hier wees. Hy het net uitgesaai wat sou gebeur. En julle was in Hom; julle het gesterf saam met Hom. Julle het gesterf vir julle trots, julle het gesterf vir julle modes, julle het gesterf vir die wêreld. Toe Hy. . .Julle het gesterf saam met Hom in Gólgota, en julle het weer opgestaan saam met Hom toe Hy weer opgestaan het op die derde dag. En omdat julle dit aanvaar het, sit julle nou in Hemelse plekke in Christus Jesus. Halleluja!

183 Daar het julle dit. Dis daardie binneste man. Daardie binneste wat die Woord sal bevestig, by die Woord bly, ongeag. Jy kan dit nie help nie. Ek het dit geleer, baie jare gelede.

184 My babatjie wat hier gelê het, sterwend. My vrou wat hier gelê het in 'n. . .in—in die lykshuis, gebalsem en uitgelê. Hulle het my uitgeroep daar, en Sharon was sterwend. Dis die moeilikste versoeking wat ek ooit teëgekom het in my lewe. Ek was omtrent vyf-en-twintig jaar oud. Ek het uitgeloop daarbuite, en Billy Paul wat op sterwe gelê het.

185 Dokter Sam het gekom, gesê: "Bill, ek dink nie ons gaan Billy red nie. En ek. . ." Hy het gesê: "Hy's so sleg." Gesê: "Bill, ek voel so jammer vir jou." Hy het sy arms om my gesit.

Ek het gesê: "Dok, ek het nie meer krag nie."

186 Paar ure, het ek hom gebel, my babatjie, Sharon, ek het haar daar na buite geneem, hy. . .om haar in 'n spasma te sien; dit wou nie stop nie. Hulle het 'n naald in die ruggraat gesit; hulle het dit stukkend gesteek, die teken opgebring, tering ruggraatkoors. Dis al.

187 Ek het my pad gevind buite na die hospitaal; my ou trok daarbuite gestop, en uitgeklim en begin afloop na die kamer. Hier kom Sam af in die gang, met sy hoed in sy hand, aan die huil, sy arm om my gesit, gesê: "Kom terug, Bill."

Ek het gesê: "Wat's die probleem?"

Gesê: "Jy kan haar nie sien nie." Gesê: "Sy is sterwend, Bill."

En ek het gesê: "Nee, Sam, nie my babatjie nie."

188 Gesê: "Ja." Gesê: "Moenie eens vir haar vra nie, Bill. Sy ooit sou lewe," gesê: "sou sy ly." Gesê: "Sy sou altyd opgetrek wees, en sy sou haar hele lewe ly." Gesê: "Sy het ruggraatkoors." Gesê: "Moenie naby haar gaan nie; jy—jy sal net vir Billy doodmaak deur dit te doen."

Ek het gesê: "Sam, ek moet haar sien."

189 Gesê: "Jy kan dit nie doen nie, Bill. Ek—ek verbied jou. Nou, jy weet hoeveel ek van jou dink, en jy's my vriend en alles," gesê: "hoeveel ek van jou dink," gesê: "en hoeveel ek jou glo, Bill," het hy gesê: "maar moenie—moenie na daardie baba toe gaan nie." Gesê: "As jy dit doen,. . .Ruggraatkoors is op

haar." Sien? Gesê: "Sy sal weg wees binne 'n paar minute, en," gesê: "jy kan. . .ons sal haar begrawe." Gesê: "Bill, ek voel net so jammer vir jou."

190 En hy het geroep, gesê, 'n verpleegster geroep, om vir my een of ander soort medisyne te bestel. Gesê: "Ek weet nie hoe hierdie man regop staan nie."

191 Ek het 'n klein bietjie daar gestaan. Hy't die medisyne ingebring. Ek het gaan sit, in die gang. Hy het gesê: "Sit." En die verpleegster het dit gebring, gesê: "Drink dit, Broer Branham."

192 Ek het gesê: "Dankie. Sit dit net 'n oomblik daar neer." Toe sy weggegaan het soos dit, het ek dit oorkant in 'n spoegbak gegooi; die glas weer neergesit.

193 Ek het daar gesit. Ek het gedink: "O God, wat het ek gedoen? U is 'n goeie God. Hoekom het U haar laat sterf, nou die dag, ek wat haar twee klein armpies vashou soos daardie?" Hom gesmeek vir haar. "Hoekom het U haar laat gaan? Daar is Billy wat daar lê, sterwend. En hier is sy, sterwend. Wat het ek gedoen? Sê my! Wel, ek kan maar net sowel saam met hulle gaan."

194 Ek het die deur oopgemaak, en geen verpleegster was daar nie. Ek het afgeglip in die kelder. Dit was voor die hospitaal reggemaak is. Skerms, omtrent geen skerms op die vensters nie, en vlieë op haar ogies. Het 'n stuk muskietsif gehad, soos ons dit noem, net, oor haar gesig geplaas. Ek het die vlieë weggewaai; daar gelê. Haar ogies, sy het so hard gely totdat hulle aan die kruis was.

195 Toe het Satan opbeweeg langs my sy daar, en gesê: "Het jy gesê Hy was 'n goeie God?"

Ek het gesê: "Ja, ek het dit gesê."

196 "Het jy gesê Hy was 'n Geneesheer? Wel, hoekom het jou vader in jou arms gesterf daar oorkant, en jy wat uitroep, hy 'n sondaar, uitroep vir sy lewe? Hoekom het jou broer gesterf in jou ander broer se arms, daarbuite, en jy wat in die preekstoel gestaan en preek het 'n paar weke gelede?" Gesê: "Hoekom het Hy jou dan nie geantwoord nie? Jy het gesê Hy het jou lief en jou gered."

197 Hy kon my nie sê daar was geen God nie, want ek het Hom alreeds gesien. Maar hy het my vertel dat Hy nie omgegee het vir my nie.

198 Gesê: "Daar lê jou vrou. Jou baba sal baie spoedig daar wees. Jou pa is begrawe. Jou broer is begrawe. En jou vrou gaan nou begrawe word, môre. En hier is jou ander babatjie, sterwend. Hy's 'n goeie God? Huh? Hy's 'n Geneesheer?" Gesê: "Jy het 'n dwaas van jouself gemaak!"

199 Wat het dit gedoen? Vanaf. . .dit het vanaf die buitekant gewerk, nou, na hierdie eerste mens.

200 Gesê: "Nou kyk. Jy weet, toe jy 'n paar jaar gelede was, omtrent twee of drie jaar gelede, voor jy Hierdie aanvaar het, het die mense baie van jou gedink. Jy het 'n goeie, skoon lewe gelei. Enige meisie in die stad, wat wou uitgaan, uitgaan met jou, want hulle het skoon en ordentlik gevoel." Ek kon voor enige van hulle staan. Ek het nooit een beledig, nooit enigiets gesê nie. Sy selfs slim sou optree, sou ek haar huis toe neem. "En jy was geliefd onder die mense. Maar wat is jy nou? 'n Godsdienstige fanatikus."

201 "Dis reg. Ek was." Sien hierdie dinge begin bymekaarkom? Die buitekant, redenasie in die gees, wat hierdie dinge bymekaarbring. "Dis reg, Satan."

"En het jy gesê Hy was 'n geneesheer?"

"Ja. Ja."

202 "En jy wat smeek en huil, en die mense wat jou vertel dit was nie so nie, dat jy heel van die lyn af is. Jou eie kerk het jou weggewys, Hiervoor. Jou eie Baptiste kerk daaronder, het jou by die deur uitgesit, om presies dieselfde rede."

"Ja."

203 "Jou pa is begrawe. Jou broer is begrawe. Jou vrou lê daar, om begrawe te word. Hier is jou babatjie, net omtrent nog vyftien minute en dit sal weg wees. En Hy's 'n geneesheer? Jou eie vlees en bloed; een woord van Hom sou die baba se lewe red. 'Hy's 'n geneesheer,' het jy gesê. Die mense het jou probeer vertel. Die prediker het vir jou gesê jy was heeltemal deurmekaar; jy was heeltemal kranksinnig; jy het 'n godsdienstige fanatikus geword. En jy het gesê Hy het jou lief. Kon Hy jou liefhê?

204 "En hoe jy gehuil het vir jou pa! Hoe, aand na aand, jy gevas het, en wanneer jy. . .in die dag, wanneer jy moes bid, om by 'n paal op te kom, om te werk. En wanneer Hy hom in jou arms laat sterf het, 'n sondaar.

205 "Hoe jou vrou, wat 'n goeie vrou sy was, en hoe lief jy haar gehad het!" Billy se ma; hoeveel van julle onthou Hope. "Wat 'n goeie meisie was sy! Hoe gelukkig julle was, julle huisie daar oorkant; met omtrent sewe of agt dollars se meubels, watter meubels julle gehad het, maar tog het jy haar liefgehad; en julle. . .en julle het mekaar liefgehad. En jy het gegaan en vir andere gebid; en, een of ander geestesemosie, het hulle opgestaan en weggeloop en gesê hulle was reg. Maar nou jou eie vrou; en daar is sy, dood, tweede dag nou, lê in die ondernemerskamer, daaronder, Scott en Combs. Hy's 'n geneesheer? Huh?

206 "En jou seuntjie op die rand van die dood, Billy Paul, agtien maande oud. En jou dogtertjie, op agt maande oud, lê hier, sterwend, met ruggraatkoors. En jy het pas gebid; en God

het ’n laken afgetrek, gesê: ‘Bly stil!’ Hoor nie, wil jou glad nie hoor nie! Sy rug gedraai op jou. Hy’s ’n goeie God? Huh? Hy het jou lief? En elke meisie wat jy ooit mee uitgegaan het, elke seun waarmee jy ooit geassosieer het, jou heel beste vriende, het weggeloop van jou as ’n godsdienstige fanatikus.”

207 Alles wat hy my vertel het, was die waarheid. Alles wat hy sou sê, het net reg in lyn geval, sien, *hier*. Ek was toe net omtrent gereed om te sê: “Dan ek, as dit is hoe Hy moet optree, dan sal ek Hom nie dien nie.”

208 Net toe ek dit gesê het, was daar Iets wat van êrens anders af gekom het, ver onder aan die binnekant, gesê: “Wie is jy, om mee te begin? Die Here het gegee, en die Here het geneem.” Sien, dis daardie binneste mens, redeneer glad nie.

209 Ek het teruggekyk, en ek het gedink: “Hoe het ek op die aarde gekom? Ek het gekom van ’n klomp dronkaards. Hoe het ek hier gekom? Wie het vir my lewe gegee? Wie het vir my daardie vrou gegee? Wie het vir my daardie baba gegee? Waar het my vrou vandaan gekom? Waar het my lewe vandaan gekom?” Ek het gesê: “Al maak Hy my dood, steeds sal ek Hom vertrou.”

Ek het gesê: “Gaan weg van my, Satan!”

210 Ek het my hand oorkant op die baba gelê. Ek het gesê: “Sharon, skat, ek sal jou in jou moeder se arms lê, binne ’n paar minute, wanneer die Engele van God kom om jou weg te neem, maar eendag sal pappa jou weer sien. Ek weet nie hoe dit gaan wees nie, skat. Ek kan jou nie sê hoe nie; wanneer Hy sy rug draai op my, nie eens vir jou wil hoor nie.”

211 Hy het my vrou laat sterf, en ek wat haar aan die hande vashou, huil vir haar. En my pa, in sy arms, het op hierdie arm gesterf, net *hier*; wat opkyk na my, sy asem probeer kry. En ek het gebid so hard as ek kon. Hoe kon ek weer die publiek trotseer, om Goddelike genesing te preek? Hoe kon ek preek Hy was ’n goeie God, en laat my eie pa sterf, ’n sondaar? Hoe kon ek dit preek? Ek weet nie hoe nie, maar ek weet Hy’s reg.

212 Die Woord van God sal nooit faal nie. Dit sal triomfeer, maak nie saak wat dit is nie. Toe het ek geweet daar was Iets binne alle redenasies, Iets binne alle emosies, alles anders soos dit. Daar was ’n binneste Mens, wat gehou het in daardie uur. Niks anders kon dit doen nie; elke redenasie, alles wat gewys kon word, alles kon bewys dat Dit verkeerd was, en ek verkeerd was. Maar die Woord van God, wat voorbestem was voor die grondlegging van die wêreld, het gehou aan die binnekant.

213 Ek het ’n Windjie deur die gebou voel kom. Haar gees het gegaan om God te ontmoet.

214 Broer, suster, laat ek julle vertel, Dis die enigste ding. Moet Dit nie probeer uitredeneer nie. Moenie lang hare probeer hê omdat ek so sê nie. Moenie hierdie dinge probeer doen net,

omdat, in julle vlees nie. Moet dit nie probeer doen, net soort van probeer bybly nie. Maar wag net voor die Here, totdat Iets ver onder aan die binnekant!

215 Baie van julle dink, omdat julle lang hare het, beteken dit julle gaan Hemel toe. Dit beteken nie dit nie. Baie van hulle dink, omdat julle 'n goeie, sedelike vrou is, gaan julle. . .?. . . Dit beteken nie dit nie. Baie van hulle dink, omdat hulle kerke, en behoort *hieraan* en *hierdie* groot groepe, en groot doktors van Godgeleerdheid. Dit beteken nie dit nie. Sien?

216 Baie dink, omdat hulle in tale praat, het hulle die Heilige Gees. Dit beteken nie dit nie. Hoewel, die Heilige Gees wel in tale praat. Maar totdat daardie ware, egte Heilige Gees daarbinne elke Woord sal handhaaf! As daardie Heilige Gees wat in jou is, wat jou in tale laat praat, daar terugkyk en nie saamstem met die res van die Woord nie, dan is dit die verkeerde gees. Sien?

217 Dit moet van die binnekant af kom, wat die Woord is, van die begin af. "In die begin van die skepping van God," toe God begin skep het, jou laat ontstaan het, julle sien. Jy het daar terug begin as 'n saad, en afgewerk tot waar jy nou is. En, toe, was julle almal in Christus. En toe, toe Christus gesterf het, het Hy gesterf om julle almal te verlos. En julle is 'n deel van *hierdie* Woord, en hoe kan. . .die Bybel, alles Daarvan! "Gebod op gebod, reël op reël; hier 'n bietjie, daar 'n bietjie." "Nie een jota of tittel sal faal nie." Hoe op aarde kan julle, as 'n deel van daardie Woord, verskil met die res Daarvan, of enige deel Daarvan?

218 God seën julle. Ek is nou oortyd. Ek het nie bedoel om dit te doen, julle so lank te hou nie. Jammer dat ek julle gehou het; nie jammer vir wat ek gesê het nie.

Ons is reg aan die einde van iets, vriende.

219 Almal van julle hier, reken ek, is net die lidmate hier van die kerk. Ek kry nie betyds kans, om te sien watter lidmate daar is nie. Ek reken almal van julle is gereelde besoekers hier. Laat ek julle iets vertel wat gebeur het. Sal julle, sê nog ses minute spaar? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

220 Is daardie Eerw. Mnr. O. Walker hier vanaf Oregon, wat hier was daardie—daardie Sondag wat ek hier was? Weet enigiemand? Was groot, vreemde ding.

221 Ek het hiernatoe gekom, daar was soveel mense in, ek—ek het. . .Ek het 'n hoop onderhoude gehad, en elkeen van hulle verdienstelik; hulle seun, kinders, getroudes, dronkaards, en—en verskillende dinge, en net dinge wat verdienstelik was. Elkeen van hulle moes gesien word. Ek kan dit nie alles doen nie. En ek vertrou julle toe aan God, en hou my hande oor hulle, in gebed. Ek het gesê: "O God, ek—ek kon dit nie doen nie. Kom by hulle uit, Here, doen. . .U weet hoe om dit te doen. Ek bid vir elkeen."

222 Billy het my gebel. En ek het pas ingekom saam met Broer Banks. Hy het gesê: "Pa, as jy . . . "

223 En, kyk, ek sien mense ry uit daar partykeer, in die laan, kyk in. En ek kyk uit na hulle, en waai dan vir hulle soos *dit*, en hulle—hulle draai omtrent hulle kop. Ek wil nie hê julle moet dit doen nie.

224 Nou die dag toe hulle vir my daardie plek gekoop het daarbuite, by Tucson vir my om in te woon, Broer Tony het 'n plek daarbo gehad wat hy vir my wou koop, vir omtrent twee of drie keer wat hierdie plek gekos het. Hy wou selfs soveel duisend dollar daarin sit, self. Maar die enigste manier wat jy daarin kom, 'n hekwag het daarbuite gestaan. 'n Yslike groot . . . Wel, dis 'n uitbreiding daarbo. Maar enige . . . Hierdie mense wat daar woon, jy moet 'n geskrewe toestemming hê, dan roep hierdie hekwag jou, en kyk of dit alles in die haak is vir hulle om in te kom.

225 Ek het gesê: "Kan jy jou voorstel, ek, my broers en susters wat kom om my te sien, wat my hand wil skud, en God se seëninge vir my wil vra, kan jy jou voorstel dat ek myself daar insit, Tony?"

Hy het gesê: "Wel, jy sal hê . . . "

226 Ek het gesê: "Tony die manier wat die kerk en almal van hulle het dat die mense nie kan kom nie," het ek gesê: "dis vir mense wat alles het wat hulle wil hê ek moet doen."

227 Hulle, hulle sê: "Wel, die Here het vir my gesê. Halleluja! Ek gaan net daar bly. Glorie aan God! Die Here het vir my gesê dat jy 'n byeenkoms moet hou hieroorkant in ons groep. Ja, meneer, glorie aan God! Die God het dit vir my gesê. As jy dit nie doen nie, Broer Branham, is jy sekerlik teruggevalle." Ek daarbinne, wat probeer studeer, sien. Dis wat, sien. En menige goeie persoon word uitgedryf, wat wil inkom, as gevolg daarvan.

228 Net soos 'n man wat gaan jag hierbuite op 'n plaas. 'n Boer sê: "Kom maar binne. Jy kan jag." En jy gaan daaruit en skiet een van sy koeie; 'n haas hardloop onderdeur die koei, en skiet net die haas, in elk geval. Jy kom bo by die draad, in plaas van om na die paal te gaan, en oor te klim soos 'n ordentlike man behoort te; klim op die draad en breek dit af soos daardie. Sien? En dan sal hy sê: "Ek sal borde op die plek oprig!" Ek—ek blameer hom glad nie, glad nie. Wel, wat doen hy? Hy keer dat die ordentlike jagter inkom. Dis altyd so. Dis die bose wat die goeie keer om die voorrang te hê. Dis altyd.

229 Nou, maar die mense is, duisende is regtig behoeftig en goeie mense, liefdevolle mense, vol van God se genade.

230 Nou as ons dit het, hoe gaan daardie mense soos daardie kom. Ons wil nie, ons wil nie daardie hê nie, nee.

Maar hierdie man kom . . .

231 Billy het gesê: “Hardloop nou ondertoe, baie vinnig, pa.” Gesê: “Mev. Waldorf is hieronder met party mense wat sterf; moet hulle dadelik sien.” En ek het ingehardloop; hieronder gekom.

232 En aan die terugkom, het hulle gesê: “Daar is niemand hieronder, behalwe ’n man wat slaap aan die kant van ’n kant, daarbuite, op ’n kussing, elke dag, langs die gebou nie.” Gesê: “Hy wil hê jy moet vir hom bid.”

Ek het gesê: “Goed.” Gesê: “Ek sal hom insit.” Ek het ingekom.

233 Daar was, ek dink, ’n Cadillac, wat hier agter gesit het aan die agterkant, of een of ander groot motor. Ek het ingery, was. . . En daardie man het gesê: “Aangename kennis.” Hy het my nie geken nie.

234 En ek het ingestap. En Suster Waldorf, arme ou ding, het ingekom. Julle weet, sy was. . .

235 Julle ken haar geval, dan nie? Sien, sy het kanker gehad, gesterf in die gebedslyn, omtrent ’n uur voordat ek by haar gekom het. Haar dokter het gekom, gewys. . . Dit was omtrent agtien jaar gelede, kanker in die hart, sien, en sy lewe vandag. En sy woon nou onder in Arkansas.

236 En sy was toe in Phoenix. En sy het gesê: “Broer Willie, ek het gehaat om in te kom soos hierdie, maar,” gesê: “ek het geen plek om te bly nie. Hulle het. . . Hulle het gesê hierdie pa-. . . hierdie vrou gaan sterf. O, Broer Willie!”

237 Gesê: “Ek wou jou ’n klein offerande in my hand gebring het, Broer Willie,” gesê: “maar ek kon dit nie doen nie. Maar ek het ’n bietjie swartbessie konfyt ingemaak.”

238 O, toe ek soontoe gegaan het en daardie botteltjies konfyt gesien het wat sy daar gehad het, ek. . . dit het te heilig gelyk vir my om te eet. Sien? Daardie liewe ou vroutjie, omtrent sewentig jaar oud. Ek het gesê: “Suster Hattie. . .” Ek—ek kon nie nee sê nie. Nee. Jesus het daardie weduwee drie pennies sien insit, en Hy—Hy—Hy het haar alleen gelaat. Sien? Nee. God sal haar beloon daarvoor. Ja.

239 En so het die Here die vrou genees, alles genees wat sy gehad het, aan haar pastoor geopenbaar wat hy, sy, in sy gedagte gehad het, wat hy veronderstel was om te doen, nog ’n ding. En, o, hulle het almal uitgegaan, aan die uitroep.

240 Toe het Billy ingehardloop. Hy het gesê: “Pa, daardie man is weg. Ek kan nie. . .”

Ek het gesê: “Wie is daardie daarbuite in die motor?”

241 “O,” het hy gesê: “’n kêrel wat van Oregon af gekom het, gesê hy het een of ander soort van ’n droom gehad. En ek het vir hom gesê: ‘Ek sal vir jou geen vals hoop gee nie. Daar’s

driehonderd hier wat nou wag.'" En gesê: "En ek het vir hom gesê: 'Skryf net die droom uit.' Gesê: 'ek het 'n hoop van hulle hierbinne, so *hoog*, in elk geval, en ek sal dit net daarby voeg.'"

Ek het gesê: "Bring hom in. Gee hom vyf minute."

242 Wel, so gou as die man ingeloop het, vyf minute? Hy het gesê: "Ek is Eerw. Walker," dink ek was sy naam: "van Oregon." Ek dink hy's 'n sekere ander denominasie, ek weet nie, Presbiteriaan, Presbiteriaanse iets.

243 Hy het gesê: "Ek het jou omtrent twintig jaar gelede ontmoet. Ek het afgekom na Grants Pas waar jy. . . " Of, nie Grants Pas nie, maar ek vergeet die naam van die plek. "Daar," gesê: "hele land, hoofopskrifte in die koerant, elke oggend." Gesê: "Almal het daarvan geweet." Gesê: "Ek kon nie eens by die gebou uitkom waar jy was nie, maar ek het jou gesien opgaan. En eendag, op die straat, het ek nadergeloop," gesê: "vier of vyf mans rondom jou, en ek het jou hand geskud. En jy. . .ek het vir jou gesê ek was Broer Walker, en jy het vir my gesê wie jy was." Gesê: "Ons het 'n paar woorde gewissel, en toe het drie of vier groot mans saam met jou, jou net aangestoot." Hy het gesê: "Ek was nie jou kritikus nie, en was nie vir jou nie." Hy het gesê: "Ek het net nie verstaan nie."

244 Hy het gesê: "Dit het so aangegaan vir 'n paar jaar, en naderhand," gesê: "ek. . .'n man het vir my gesê om te kom luister na 'n paar bande, omtrent drie jaar gelede." En gesê: "Die man het die bande gespeel. En, toe hy het," het hy gesê: "ek het hom hoor praat." En gesê: "Hierdie man het geglo dat jy 'n—'n profeet was. Ek het gesê, ek het vir die man vertel: 'Ek weet nie omtrent daardie dinge nie; mag wees, vir al wat ek weet.'"

245 So, gesê: "Toe het 'n ander man het in ons dorp ingetrek, het 'n diens gehad, en ek het hom ontmoet. En hy het gesê: 'Ek is God se profeet vir hierdie dag.'"

246 Hy het gesê: "'Hoeveel van julle kêrels is daar, in elk geval?' Gesê: 'ek—ek—ek hoor waar 'n man hieronder luister na bande, gesê het: "William Branham, terug in die ooste, was 'n profeet van die dag," en dinge soos daardie.'"

247 Hy het gesê: "Hierdie man. . . " Ek gaan nie sy naam noem nie, want dit klink nie reg, hier nie, julle sien. "En hy het gesê: 'Ek ken William Branham,' gesê: 'maar hy's heeltemal vals in sy Doktriene.' Gesê: 'Hy is nie Pinkster nie; hy glo nie in aanvanklike bewys nie.' En gesê: 'Nog 'n ding, hy sê daar is groter en kleiner profete. Daar is glad nie so—iets nie.' Gesê: 'Jy's 'n profeet of nie 'n profeet nie, en dis al.'"

248 Hy het gesê: "'Wel, meneer, ek. . .het nie gestry met jou daaroor nie. Ek het net gesê ek het hierdie man hoor sê dat hierdie man, William Branham. . .en dat hierdie man aanspraak gemaak het dat hy 'n profeet was.'" Gesê: "'Ek het net gewonder hoeveel daar was.'

249 "Hy het gesê: 'Maar ek wil hê jy moet dit weet. Ek is die profeet van hierdie eeu.'"

250 Hy het gesê: "'Wel, is jy?'" Gesê: "'Die Here seën jou en wees met jou.'"

251 Hy het voortgegaan, nooit enige aandag daaraan geskenk nie. En gesê hy het begin, onder sy broers, 'n reeks van drie of vier dienste. En hy het afgegaan na die poskantoor, gesê: "Moenie—moenie my pos ruil nie. Los dit hier totdat ek terugkom, omtrent vier of vyf dae later."

252 "Goed," het hulle gesê. Hulle het 'n kaartjie daarbo gesit, om dit nie te ruil nie.

Hy het afgegaan en sy dogter gesien.

253 En op die pad uit, het hy—hy gestop by 'n kerk. En hy het daardie aand se diens gehou. Die volgende oggend, het hy gesê, het hy net gedink: "Gaan kry algemene aflewering." En toe hy het, het een brief deur die poskantoor geglip en by sy dogter uitgekom; sy dogter soontoe gestuur het, algemene aflewering.

254 En hy het dit oopgemaak. En gesê dit was 'n man, Mnr. Hildebrandt, wat 'n vriend van my is, wat die man was wat die bande gespeel het. Gesê Mnr. Hildebrandt het 'n woord ontvang van Roy Borders (en dis een van die bestuurders, julle weet), dat ek 'n diens gaan hou hieragter, vir vanaf die agt-en-twintigste tot die eerste, teruggekom en self gesien.

255 Hy het gesê: "Nou, kyk hier, daardie kêrels wat my in iets soos daardie probeer intrek!" Sien? En hy het net die brief oorkant in die snippermandjie gegooi, en aangegaan, sien, soos daardie. Ingegaan en daardie diens gehou daardie aand. En die volgende oggend. . .

256 Toe het hy sy hart begin vashou, van die huil, net daar in die kamer.

257 Hy het gesê: "Mnr. Branham, ek besef ek moet voor God staan." Hy sê: "Ek weet nie of ek aan die slaap was, of wat gebeur het nie." Hy het gesê: "Ek het gedroom. Ek gaan sê ek was aan die slaap, en ek het gedroom."

258 Gesê: "Ek het gedink my seun, in die mark, het sy hand in 'n—'n sak gesteek." En gesê: "Toe hy het, was dit 'n sak appels, en hulle het almal omgeval." Gesê: "Toe ek gegaan het om hulle op te tel, was hulle almal groen appels met een hap uit hulle geneem." Gesê: "Ek was hulle aan die optel, hulle aan die terugsit in die sak." Gesê: "Party van hulle het uitgerol, en afgerol, so ek het gegaan om hulle te kry, en onder. . .op die gras." En gesê: "En hulle het onder een van hierdie skakelkettingheinings ingerol. En daar was 'n groot supersnelweg wat daar ingeloop het. Ek het teruggekyk na die ooste, en," het hy gesê: "die—die—die ketting was gehaak teen 'n—'n groot rots agter in die ooste. En ek het soontoe gegaan,

en gedink ek sal hierdie ketting laat sak, dan oorkant toe gaan en daardie appels vir die man kry." Gesê: "Ek het begin om die ketting te laat sak."

259 Gesê: "'n Stem het die hele aarde geskud." Gesê: "Die aarde het geskud onder my voete." En gesê: "Nadat dit opgehou skud het, het ek 'n stem gehoor." En gesê: "Broer Branham, dit was jou stem," gesê: "ek het geweet; daar was iets wat daardie gesê het." Gesê—gesê: "Dit het gesê: 'Ek sal hierdie pad nog een keer ry!'"

260 En gesê: "Ek het begin opkyk na die rots, soos *hierdie*, en aan gekyk, in verby die wolke. En ver daarbo, wat staan op 'n rots wat gestrek het van die ooste na die weste, in 'n gepunte vorm, soos *daardie*, soos 'n piramiede, wat terugloop hier na die ooste, en," gesê: "daar het jy daar gestaan, op 'n perd wat ek nooit enigiets soortgelyk in my lewe gesien het nie; groot wit perd, wit maanhare wat afhang." En gesê: "Jy was aangetrek soos 'n Indiaanse hoofman, met al die goed wat die Indiane gebruik." Gesê: "Hy het 'n borsplaat gehad; daardie armbande op die arms, en oral rondom af soos dit." Gesê: "Jy het jou hande opgehad soos *daardie*." En gesê: "Daardie perd wat daar staan soos 'n militêre perd, met 'n pronkstap soos *hierdie*, aan die loop," ek wat stilstaan. En gesê: "Jy het aan die teuels getrek, weggery na die weste."

261 Gesê: "Ek het afgekyk daar, en daar was 'n hele klomp wetenskaplikes." En die volgende oggend. . .Dit was Saterdag. Die volgende oggend, het ek gepreek oor wetenskaplikes, julle weet, wat van die duiwel was. En gesê: "Wetenskaplikes daar het goed in proefbuise gegooi en dit gemeng." Gesê: "Jy het die perd gestop, jou hande weer opgesteek en geskree: 'Ek sal hierdie pad nog een keer ry!'" En gesê: "Die hele aarde het geskud. Daardie mense het geskud," gesê: "opgekyk en na mekaar gekyk, soos *daardie*, en opgekyk na jou. Hulle het net hulle skouers opgetrek, aangegaan met hulle wetenskaplike navorsing." En gesê: "Jy het begin voortgaan na die weste.

262 "En toe dit het," gesê: "het ek hierdie man gesien wat homself 'n profeet genoem het, jy weet," gesê: "hy het opgekom op 'n perd wat gemeng was met wit en swart bymekaar." En gesê: "Hy het opgekom agter hierdie yslike groot perd." Gesê: "Dit was," gesê: "ver bokant die wolke, en die pad was nie meer as omtrent *so* wyd nie." En gesê: "Daardie perd het net gedans, na die wind wat die vere en alles op—op jou uitrusting gewaai het," en gesê: "toe die perd se maanhare en stert wat waai. Groot meester, groot wit perd, wat reg in lyn loop." En gesê—en gesê: "Hierdie kêrel het agter jou opgehardloop gekom, vanaf Kanada gekom," en die man woon in Kanada. En hy het gesê: "Kom terug, en," gesê: "hy het sy perdjie geneem,

jou groot perd probeer afstamp; hom laat omdraai; sy heupe laat slaan teen die. . . ” Gesê: “Dit het nooit die groot perd beweeg nie; hy het net aanhou loop.”

263 Gesê: “Toe, meteens,” gesê: “het jy omgedraai.” Gesê: “Dit sou die derde keer wees wat jy gepraat het, maar die tweede keer wat jy gesê het: ‘Ek sal ry.’” En gesê: “Jy het nie gepraat soos jy het nie. Jy het beveel.” Gesê: “Jy het omgedraai en die man by die naam genoem, en gesê: ‘Gaan weg hier! Jy weet dat geen mens hierdie pad hier kan ry sonder dat God hom verordineer het om dit te doen nie. Gaan weg hier!’”

264 En gesê: “Die man het omgedraai.” En gesê: “Die man het vir my briewe geskryf.” En gesê: “Oor sy perd se heupe,” daardie swart en grys, en deurmekaar gemeng, gesê: “oor sy perd se heupe, was sy naam geskryf, handtekening net presies soos dit op sy brief is. En hy het weggery na die noorde.”

265 Gesê: “Toe het jy afgegaan; daardie groot perd het omgedraai, ver so ver wes as jy kon.” Gesê: “Jy het gestaan en jou hande opgesteek soos *dit*.” Toe het hy begin huil. Gesê: “Broer Branham, om daardie perd daar te sien staan; al daardie oorlogskleed en alles soos daardie, en,” gesê: “daardie borsplaat en alles wat skyn.” Gesê: “Jy het jou hande vir ’n oomblik opgesteek.” En gesê: “Jy het weer afgekyk, die teuels opgetel, gesê: ‘Ek sal hierdie pad net nog een keer ry!’” Gesê: “Die hele aarde het heen-en-weer geskud soos *dit*.” En gesê: “Daar was geen lewe meer oor in my nie; ek het net langs die rots neergeval. Toe het ek wakker geword.”

Gesê: “Wat beteken dit, meneer?”

Ek het gesê: “Ek weet nie.”

266 Volgende oggend. . .Junior Jackson, wat gedroom het van die piramiede, julle weet, toe ek na die weste toe gegaan het. Onthou julle dit? Hy het my gebel, ’n maand of twee tevore. Hy het ’n droom gehad wat brandende was; hy moes my vertel. En ek het gesê: “Billy. . . ”

267 Daar het omtrent twintig daarbuite gestaan. Hy het gesê: “Junior Jackson, daaronder, het gesê hy moes jou daardie droom vertel.”

Ek het gesê: “Stuur hom in, net omtrent vyf minute.”

268 Hy het sy vrou ingebring, en, het hy gesê, vir ’n getuie. Hy het gesê: “Ek het gedroom, Broer Branham, ek en my vrou het buite gery.” En gesê: “En ek het teruggekyk in die ooste, en ek het gesien, gelyk soos, ’n stippel, soos een van daardie vlieënde pierings.”

269 Sien, die wêreld weet nie wat dit is nie, julle weet. Julle weet dis aan. Ons weet wat dit is. Sien? Ons weet dis ondersoekende, Oordeelsengele, julle sien. En hoe, by die Pentagon en alles, omtrent hoe dit reguit afkom, en die

intelligensie, hoe hulle kan [Broer Branham klap sy vingers eenkeer—Red.] gaan soos 'n flits en weg wees, wegtrek van enigiets wat hulle het. Sien, hulle besef nie wat dit is nie, sien. Laat hulle dink wat hulle ook al wil. Hulle noem dit vlieënde pierings, of wat ook al. Hulle weet nie, sien.

270 Gesê: "En ek het dit sien kom, en ek het dit dopgehou. En wat dit was, dit was 'n man op 'n perd." En gesê: "Hy het gekom met weerligspoed." Gesê: "Ek het gesien hy sou afkom voor my. En ek het my motor gestop, uitgespring. Toe dit het," gesê: "die motor. . .perd het in die pad gestaan, 'n groot wit militêre perd wat in 'n pronkstap gestap het." Dis die Woord, natuurlik, julle weet, wat in 'n pronkstap gestap het.

271 Gesê: "Daar het 'n man daarop gesit." Gesê: "Hy—hy was aangetrek in westerse klere; was nie 'n cowboy nie, maar," gesê: "gelyk soos 'n hoofman oor wildbewaarders of iets." Sien, al sy hoofgesag, uit die weste; die Indiane oor die Indiane; bewaarders oor, sien. En gesê: "Die man het sy hoed afgetrek gehad en het. . .het na die kant toe gekyk." En gesê: "Toe hy na die kant toe gedraai het," gesê: "dit was jy, Broer Branham." Gesê: "Jy het nooit gepraat soos jy het nie. Jy het gesê: 'Junior!' Hom drie keer geroep. En gesê: 'Ek sê jou wat jy doen.'" En gesê: "Toe het jy opgetrek op die teuels van die perd. Jy het omtrent drie lang spronge gegee, en in die lug opgegaan, en jy was weg na die weste."

272 Hy het gesê: "Binne 'n oomblik, het ek omgekyk, en hier kom perd, kleiner as daardie een, van dieselfde ras, maar kleiner, en gestaan." Gesê: "Ek het omgeloop, gesê: 'Hy moes hierdie teruggestuur het vir my.'" Gesê: "Ek het daarin geklim." (Junior het ook 'n bietjie gery. Hy het gesê: "Jy weet hoe jou saal jou pas, Broer Branham, die stiebeuels en alles?") Gesê: "Ek het gedink: 'Wel, hierdie pas my net reg.' So ek het opgetrek op die teuels, weg deur die lug." Gesê: "Ek het aan die teuels getrek en hom gestop, hom omgedraai en teruggegaan. Sien? Toe ek teruggegaan het," gesê: "het ek die perd gestop, afgeklim, gepraat met my vrou. Die perd was weg." En hy het wakker geword.

273 Toe, eergister, drie dae gelede, het Leo Mercier gekom, afgekom met presies dieselfde droom, sonder om iets daarvan te weet; oor om 'n groot wit hings te probeer teel met 'n swart merrie, en hulle kon dit nie doen nie; senuweeagtig. Gesê ek het opgeloop soontoe, gesê: "'Leo,'" en hom gesê wat ek gedoen het. Ek wil dit nie hier sê nie, sien, maar ek het hom gesê wat ek gedoen het. "Gesê: 'Sien jy nie? Nou, om dit te weet; ek het nie geweet Ed Dalton het 'n skoonseun nie, en die skoonseun het 'n hond gehad met hierdie naam nie. Jy sal weet, Leo, dat jy droom. Maar, wanneer jy wakker word, onthou dit!'" En gesê: "Ek het nooit so 'n bevel gehoor nie."

274 Omtrent daardie tyd, het Roy Roberson ingekom, gesê: "Broer Branham, jy onthou destyds voor jy die kerk die eerste keer verlaat het? Ons was . . . Ek het jou sien sit, soos in Palestina. Ons was almal, die raad en alles, het gesit soos die Here se avondmaaltafel, en toe het jy gepraat. En jy . . . Hy was nie seker waaroor jy gepraat het nie." Gesê: "'n Wit wolk het afgekom en jou geneem, jou weggeneem." Hoeveel onthou die—die droom van Broer Roy? En gesê: "Die wit wolk het jou weggeneem," en gesê: "toe was jy weg. Ek het deur die strate geloop, aan die skree en huil."

275 Toe ek nadergekom het hierbuite, en daardie ou verkreupelde armpie, soos hy was, wat hierdie gelees het. Hy het die hark laat val en begin huil toe hy my sien naderkom het daarbuite. Ek het hom nie gesien nie, so hy het vir my die droom vertel nie. En hy het gesê . . . En hy het gehark. Ek het gesê . . .

276 "En—en jy het weggegaan." Gesê: "Ek het in die strate afgeloop, oral, om jou te probeer vind. Ek kon jou nêrens vind nie. Ek het geskree: 'O, Broer Branham, moenie weggaan nie!'" Gesê: "'n wit wolk het ingekom en jou gekry, en jou weggeneem van ons, na die weste." Dit was voor die piramiede of enigiets. Gesê: "Jou weggeneem na die weste. En ek het gehuil en in die strate afgeloop."

277 Gesê: "Naderhand het ek gegaan en by die tafel gaan sit. Ek het gekyk daarbo aan die hoof van die tafel." Gesê: "Ek kon sien dat *soveel* van jou sneeuwit was." Gesê: "Jy het daar gestaan." En gesê: "Jy het gepraat met gesag. Daar was geen raaiwerk daaraan nie." Gesê: "Elke man het presies verstaan wat jy gesê het."

278 O, my broer, suster, nou, elkeen van julle by julle positiewe, ek weet wat daardie beteken. Sien?

279 Kyk net! Bly naby aan Christus. Laat my julle nou waarsku, as 'n prediker van die Evangelie, hieroor. Moenie enige dwaasheid neem nie. Moenie enigiets verbeel nie. Bly net daar totdat hierdie binneste van die binneste geanker is aan die Woord, dat julle reg in Christus is, want dis die enigste ding wat gaan . . . Want, ons is in die misleidendste eeu waarin ons ooit gelewe het. "Dit sou die einste Uitverkorenes mislei, indien dit moontlik was," want hulle het salwing, hulle kan enigiets doen soos die res van hulle.

280 Maak skoon julle lewens. Betaal julle skulde. "Skuld niemand," het Jesus gesê. Nou, nou, ek bedoel, soos jou huishuur en dinge, jy moet dit doen. Kry al jou dinge van jou hande af. Kry alles reg. Maak gereed. Maak gereed. Onthou, in die Naam van die Here, iets is gereed om te gebeur.

281 Ek gaan in die heuwels in hierdie week, nie eintlik om eekhorinkies te jag nie; natuurlik, ek hou daarvan om

eekhorinkies te jag. Maar ek gaan soontoe vir hierdie doel, sê: “O God, ek weet nie watter kant toe om te beweeg nie, en ek wil nie hierdie mis nie. Help my.”

282 Bid julle vir my. Sal julle dit doen? Ek sal vir julle bid. Ek hoop, deur die genades van God, dat ek elkeen van julle sal ontmoet, en ons sal ontmoet in ’n beter Land as hierdie hier.

283 En waarvoor kom ons hiernatoe? Wat doen ons? Kom ons hiernatoe, en speel ’n speletjie? Kom ons hiernatoe, en ontmoet soos ’n losie? Dis, Christus kan nie kom totdat daardie Kerk perfek reg is nie. Hy wag op ons. Ek glo ons is aan die einde.

284 Kyk na, in Kalifornië. Kyk na die opstande. Kyk na negentien mense wat doodgemaak is rassisties. Het julle nie gesê, hier nie lank gelede, dat daardie Martin Luther King sy mense na ’n massamoord sal lei nie? Hoeveel onthou dit? [Die gemeente sê: “Amen.”—Red.] Dit is nie daardie gekleurde mense nie; dis daardie leiers wat hulle opstook. Dit is nie integrasie, segregasies, of wat hulle dit ook al wil noem nie; dis die duiwel. Dis reg. Nie alleen aan die wit, gekleurde nie; hierdie is almal van hulle. Dis die duiwel.

285 Die verstand en denke van die mens is afgebreek. Daar is geen hoop nie. Dis verby hoop. Die hele ding is ’n verrotte sweer. Die verstand van die mens; hulle kan nie besluite maak nie.

286 Ek is nie ’n politikus nie. Ek nie, nie Demokraat of Republikein nie. Hulle is almal vuil. Ek is vir een Koninkryk, en dis die Koninkryk van Jesus Christus. Dis al. Maar hoe in die wêreld het jy ooit ’n klomp poppe gesien soos wat ons nou daarbo het, soos daardie klomp Texans wat ons daarin het? “Tog,” hulle sê: “wat die mense ook al wil hê! As hulle kommunisme wil hê, sal ons hulle kommunisme gee. As hulle integrasie wil hê, sal ons hulle integrasie gee. Wil segregasie hê, sal ons wat ook al gee.” Het dit . . . Waar is mans?

287 O God! Dis soos die preekstoel. Waar is mans, mans wat mans is, wat sal staan vir ’n beginsel? Waar is vroue wat sal staan vir ’n beginsel? Waar is ’n kerk wat sal staan vir ’n beginsel? Ek het nie ’n nikkelwaarde se tyd vir ’n lamsakkige, ingee, toegeegees nie. ’n Vrou ’n vrou is, laat haar ’n dame wees. As ’n man ’n man is, laat hom ’n man wees.

288 As hy ’n president is . . . Waar is ons John Quincy Adamse? Waar is ons Abraham Lincolns, mans van beginsel? Waar is ons Patrick Henry, gesê het: “Gee my vryheid, of gee my die dood”?

289 Waar is ’n man wat staan vir wat reg is? Waar is die man wat nie bang is om te praat nie? Ongeag, die hele wêreld teen hom is, te spreek vir wat reg is; en daarvoor te staan en daarvoor te sterf. Waar is ons Arnold von Winkelried weer vandag? Waar is mans van integriteit? Waar is mans met gees? Hulle is so lamsakkig en opgemors totdat hulle nie weet waar hulle staan nie.

290 God, laat my staan by die beginsels van een Man, as 'n prediker, die Woord van Jesus Christus. "Want hemele en aarde sal verbygaan, maar Dit sal nooit faal nie. Op hierdie Rots sal Ek My Kerk bou; die poorte van die hel sal nie daarteen standhou nie."

Laat ons staan.

Geseënd is die band wat verbind
Ons harte in Christenliefde;
Die gemeenskap van gemeenskaplike gesindheid
Is soos dit van Bo.

Neem nou mekaar se hande.

Wanneer ons uitmekaar gaan,
Gee dit ons innerlike pyn;
Maar ons sal steeds verbind wees van hart,
En hoop om weer te ontmoet.

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet;
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

291 Laat ons nou ons hoofde buig, terwyl Broer Neville ons verdaag, in 'n woord van gebed.

292 Wees nou vanaand terug. Ons verwag 'n groot diens, vanaand, hier by die tabernakel. God seën julle. En bid vir my; ek sal vir julle bid.

293 Moenie dink ek is 'n fanatikus nie, vriende. Moenie dink ek probeer iets op julle afstoot nie. Ek het julle lief. En ek het 'n beginsel, dis die Bybel. Nie een Woord kan weggeneem word Daarvan nie. Nie een woord kan Daarby gevoeg word nie. En ek glo Dit soos Dit geskryf is.

294 Laat ons nou ons hoofde buig, en ons getroue, goeie pastoor die gemeente laat verdaag. God seën jou, Broer Neville.

*En Weet Dit Nie* AFR65-0815
(And Knoweth It Not)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagoggend, 15 Augustus, 1965, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
P.O. BOX 178, SOMERSET WEST, 7129 CAPE PROVINCE,
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org